# Kampkrummels

*Gedenkuitgawe van Sawa-streek Kiepersol 1983-2013* *Jaargang 30, No 8 (155)* *Julie-Augustus 2013*


## Lof vir Kiepersol met sy 30ste verjaarsdag

**Johann Lemmer**

”Sedert my en Kittie se eerste besoek aan die streek gedurende November 2000 by die VEK-kampterrein, het ons nog altyd net vriendelikheid, omgee vir mekaar en wedersydse respek binne Kiepersol beleef.”

So skryf Jurie Dreyer in sy boodskap aan Streek Kiepersol by geleentheid van die streek se dertigste verjaarsdag. Hy verwys na die naam van die streek as die sambreelboom en noem dat dit ‘n simbool is van ‘n staatmakerstreek asook ‘n veilige sambreel om onder skuiling te soek.

Nico Spaumer, Sawa-President, het hom net so positief uitgelaat en gesê dat in al sy jare wat hy Sawa op nasionale vlak gedien het, Streek Kiepersol altyd een van Sawa se modelstreke was waarop staat gemaak kon word. Hy het veral klem gelê op die verhouding tussen die streek en sy senior burgers en gesê:

”Na my beskeie mening is Streek Kiepersol binne die totale Sawa die beste streek wat betref die hantering van sy senior burgers en is beslis die streek waar ander streke gerus kan aanklop om uit te vind hoe word senior burgers gemobiliseer.”

Die boodskappe van gelukwense kan op bladsy vier gelees word.

André Baker, streekvoorsitter, het daarop gewys dat van die oorspronklike stigterslede van dertig jaar gelede nog net drie gesinne oor is maar dat die streek soveel nuwe lede bygekry het dat dit tans die derde grootste in die hele Sawa is.

Een van die stigterslede en oud-voorsitter, Christo van der Merwe, het na die lede as die siel van Sawa verwys en sê dis lekker om te sien dieselfde gees en atmosfeer heers nog steeds in Streek Kiepersol. Hy verwys ook na die streek as ‘n oase, ‘n rusplek langs die pad waarheen die lid kan kom om in die natuur te ontspan om weg te kom van die druk en gejaagdheid van die hedendaagse lewe. ”Sonder om verstok te wees, het Kiepersol daarin geslaag om behoudende tradisies soos boekevat, erediens en gesellige samesyn deel van die streek se naweek-kultuur te maak,” aldus Christo.

“Ons glo ons sal voortbou op die stewige grondslag en suksesse,” het André ten slotte gesê.



*Jurie Dreyer, nasionale voorsitter*



*Nico Spaumer, Sawa-President*

## Lees oor 30 Jaar


| | |
|---|---|
| Oordenking | 2 |
| Redakteur sê totsiens | 3 |
| Boodskappe | 4 |
| Voorsitter sê | 5 |
| Vorige voorsitters | 6 |
| Hardebaardstreek | 10 |
| Kamp-mymeringe | 11 |
| Lekker getoer | 13 |
| Funksies oor jare | 15 |
| Possak | 17 |
| Schalk gesels | 18 |
| Ons onthou . . . | 19 |
| Senior Burgers | 21 |
| Jongklomp | 21 |
| Sawa-kalantjies | 22 |
| Verjaarsdae, lief, leed | 23 |


## Lede van klein tot groot tot seniors



*Oudbestuurslede: Hennie Ferreira, Jerome Henning, Louis en Madelein van den Berg met Jannus, Stean en Marina by Romanz-funksie in 2011*

# 30 Jaar se Voorsitters en Redakteurs

## Streekvoorsitters

Eddie Leach: Augustus 1983 - Augustus 1985

Waldo Delport: Augustus 1985 - September 1989

Christo van der Merwe: September 1989 - November 1991

Sarel Alberts: November 1991 - Junie 1992

Frieda Burger: Junie 1992 - Augustus 1997

Poen Venter: Augustus 1997 - Augustus 2000

Jannie van den Berg: Augustus 2000 - Junie 2006

Pieter van Biljon: Augustus 2006 - Augustus 2008

Hennie Ferreira: Augustus 2008 - Augustus 2012

André Baker: Augustus 2012 - tans

## Redakteurs van Kampkrummels

Waldo Delport: Aug. 1983 - Sept. 1985

Ans Theron: Okt. 1985 - Aug. 1986

Johan Serfontein: Sept. 1986 - Okt. 1987

Ina Delport: Nov. 1987 - Des. 1988

Christo van der Merwe: Jan. 1989 - Feb. 1989

Sarel Alberts: Mrt 1989 - Aug. 1991; Okt. 1992 - Feb. 1993

André Roos: Sept. 1991 - Sept. 1992

Willem Burger: Maart 1993 - Aug. 1995

Johann Lemmer: September 1995 - tans



# Oordenking

Gereelde rubriek oor 30 jaar

## Vir die toekoms: Hou koers!

Skriflesing: 1 Kor 9:26-27: *Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie.*

‘n Sekere filosoof het eenkeer gesê: Daar is net een ding waarvan ons seker kan wees, en dit is dat niks seker is nie. Verandering is so seker soos dood en belasting. Maar verandering hoef jou nie noodwendig uit te boul of van koers af te gooi nie.

Paulus se lewe is vir ons ‘n les. Al word sy planne omvergewerp, bly hy op koers. Hy word dikwels verhinder om sy taak uit te voer: hy word vervolg, word in die tronk gegooi of sy skip sink. Maar hy leef strategies met sy kompas in die een hand en die barometer in die ander. As hy by die Jode is som hy die omstandighede op en skik hom daarna; by die Grieke som hy die situasie weer op en beweeg vorentoe.

Hy hou sy opsies oop, laat ruimte vir terugvoering, lees die situasie en beplan die beste roete na sy doelwit toe. Hoe kry hy dit reg?

Omdat hy weet waarheen hy op pad is, mors hy nie energie soos ‘n bokser wat in die lug rondslaan nie. Wanneer sy koers bepaal is, bly hy op koers en bestuur sy opsies doelgerig.

Verandering en die dwarsboming van planne hoef jou nie te ontspoor nie; dit kan jou eerder aanspoor tot meer doelgerigte aksie. Dank God vir iemand soos Paulus wat ons gewys het hoe om dit te doen.

Gebed: *Here, help my om soos Paulus verandering te antisipeer en baas te raak. Help my om deur onverwagte en dikwels ongewensde koersveranderings koers te hou deur my oog te hou op die einddoel.*

**Johann Symington (Vers-’n-dag)**

SAWA KIEPERSOL

## Streekbestuur 2012-2013

**Voorsitter:** André Baker (083 409 3709) bakera@netactive.co.za

**Ondervoorsitter:** Ronelle King (084 444 8282) ronelle@hscenturion.co.za

**Sekretaris:** Ina van den Berg (081 270 8267) jannie.ina@gmail.com

**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

**Senior burgers:** Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

**Addisionele lede:** Christa Bothma, Schalk Nolte, Lucille Vorster

**Redakteur:** Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**



Die redakteur groet na amper 18 jaar:

# Kampkrummels was die afgelope 30 jaar 'n gereelde gas in lede se huise

Kampkrummels is ons nuusbrief wat sedert die stigting van die streek dertig jaar gelede gereeld verskyn het. Dit is al as 'n naelstring tussen lede en streek genoem.

In hierdie gedenkuitgawe word gepoog om 'n oorsig oor van die sake te gee wat oor 'n tydperk van dertig jaar eie aan die streek was. Dit word gedoen deur middel van verwerkte artikels, bydraes van medewekers en redaksionele insette.

Gedurende die afgelope 30 jaar was daar 9 redakteurs wat deurgaans hoë standaarde gehandhaaf het. In so'n mate dat Kampkrummels vier keer op nasionale vlak vereer is voordat dit in 2000 uit die kompetisie onttrek is vanweë die huidige redakteur se betrokkenheid by die beoordeling van streeknuusbriewe. Nadat die nuusbrief in 2011 sy hertoetrede tot die kompetisie gemaak het, is dit reeds weer twee keer as die beste nuusbrief landswyd aangewys en het die streek die trofee daarvoor ontvang.

Waldo Delport is in Augustus 1983 as die eerste redakteur benoem. Hy het op 14 November van dieselfde jaar voorgestel dat die die naam van die nuusbrief sal wees "Streek Verwoerdburg Kampkrummels". Later is die naam na "Kampkrummels" verander en dit het vanaf Februarie tot September 2000 ook as "Kampkorrels" bekend gestaan. Sedertdien is die naam steeds Kampkrummels en die blad is deel van ons streek se trotse tradisie. Daar is oor die jare verskeie verwysings daarna dat die redakteurs probleme ondervind het om die lesers aan die skryf te kry en ook hoe moeilik dit was om die blad op te stel en te dupliseer. Dit het egter oorleef en staan sterk.

Op die eerste algemene jaarvergadering (AJV) in 1984 sê voorsitter Eddie Leach dat Kampkrummels een van die behoudende faktore in ons streek is. Hierdie siening is daarna dikwels deur AJV's bevestig soos byvoorbeeld: "Ons kan die redakteur nooit na reg bedank vir die groot werk wat hy verrig nie."

Aan die begin van sy termyn as derde redakteur sê Johan Serfontein dat hy soms kontroversiële stellings in Kampkrummels sal maak. Die doel daarmee is om reaksie uit te lok. Verskeie redakteurs daarna het dit ook gedoen.

Ina Delport word in November 1987 die vierde redakteur en verklein die formaat na A5-grootte. Tot op daardie stadium is Kampkrummels in folio-formaat afgerol. Op 11 Oktober 1988 word voorgestel dat Kampkrummels in afdelings verdeel word en dat mense genader word om bydraes in die verband te lewer. Hierdie stelsel het, tot redakteurs se groot frustrasie, nie altyd ewe goed gewerk nie. In onlangse jare was die medewerkerking goed.

Sarel Alberts het in Maart 1989 as die sesde redakteur by Christo van der Merwe oorgeneem en Kampkrummels is van 'n voorafgedrukte buiteblad voorsien.

By die AJV in September 1988 is lede uitgenooi om Kampkrummels as gespreksforum te gebruik. Dit het oor die jare tot interessante debatte en polemiek gelei. So was daar die verandering van die naam Verwoerdburg. Dit word die eerste keer in Desember 1996 deur Paul Kruger aangeroer. Daar volg 'n hewige polemiek en die saak rus vir 'n paar jaar. Die debat word in Februarie 1999 deur voorsitter Poen Venter heropen. Daar is lede wat daarvoor is maar ook wat hewig daarteen gekant is. Dit was eers by die AJV in 2000 dat besluit is om die naam te verander en 'n naamkomitee het die proses gefasiliteer. Sedert die AJV in September 2001 heet ons Streek Kiepersol.

Die jaar 2000 was 'n besonder lewendige jaar in Kampkrummels se bestaan. Daar het 'n reeks oor die funksionering van Sawa op nasionale vlak verskyn en briefskrywers het nie op hulle laat wag om o.a. oor die naamkwessie te skryf en hulle menings uit te spreek nie. Daarby het een van die gewildste reekse sy ontstaan gehad wat deur "Stoffeltjie" geskryf is.

'n Kenmerk van ons streek is dat sake wat pla deurgaans openhartig bespreek is. Lesers het vryheid van spraak gehad solank dit oor die saak gegaan het. Ongelukkig het enkele lede dit soms persoonlik opgeneem en is die redakteur verkwalik omdat hy briewe geplaas het waarmee hulle nie saamgestem het nie. Hy het egter 'n mandaat vir redaksionele selfstandigheid gehad en nooit is aan hom voorgeskryf wat gepubliseeer mag word nie. Dit het ruimte gebied om soms vlieërs op te stuur oor vernuwende sake wat nog nie amptelike Sawa-beleid was nie. Soms is die redakteur erg gekritiseer oor sommige standpunte maar dié briewe is sonder voorbehoud geplaas. Dit sal 'n kwade dag wees as Kampkrummels maar net 'n naprater word. Redaksionele kommentaar is vanaf dag een gelewer maar dit was nie noodwendig die siening van die bestuur of Sawa nie en is deur die redakteur verantwoord.

Om tred te hou met die tyd en nuwe behoeftes, het Kampkrummels vanaf 2011 ook 'n elektroniese formaat gekry wat meegebring het dat die A5-boekie na 26 jaar met 'n tablet-koerant vervang is.

Nou het dit tyd geword om na 18 jaar totsiens te sê. Ek bedank graag lede wat oor die jare rubrieke vir Kampkrummels geskryf het soos die ses voorsitters, senior burgerverteenwoordigers soos Frank Smith, briefskrywers, kampkommandante vir kampnuus, Stoffeltjie (Christo van der Merwe), wat 'n reuse bydrae ook met sy ander stories gemaak het) en Schalk (Nolte) gesels met. Die bladuitleg was tydrowend maar bevredigend met rekenaars en programmatuur met beperkte vermoëns. Borge soos Bureau Trust word bedank vir die tyd wat hulle die blad gedupliseer het. So ook Hennie Ferreira vir die onlangse kleurafdrukke. Mooi loop!

Boodskap Sawa-President

# Pres Nico Spaumer



Om 'n dertigste verjaardag te vier is 'n besondere gebeurtenis en mylpaal vir 'n streek. In al my jare wat ek Sawa op nasionale vlak gedien het, was streek Kiepersol altyd een van ons modelstreke waarop staat gemaak kon word. Die streek het ook al presidente en nasionale voorsitters vir Sawa opgelewer en het vanaf 1983 gegroei tot die derde grootste in ons organisasie.

In my hoedanigheid as President van Sawa met die portefeulje om na ons senior burgers op nasionale vlak om te sien, is dit vir my 'n riem onder die hart om waar te neem hoe ywerig Streek Kiepersol sy senior burgers hanteer asook die ondersteuning aan die gebied se senior burgerverteenwoordiger. Na my beskeie mening is Streek Kiepersol binne die totale Sawa die beste streek wat betref die hantering van sy senior burgers en is beslis die streek waar ander streke gerus kan aanklop om uit te vind hoe word dié groep gemobiliseer.

Ek wil dus met hierdie geleentheid aan die huidige bestuur asook vorige bestuurslede en al die lede van Streek Kiepersol my dank en waardering uitspreek vir die besondere wyse waarop u almal bygedra het om die streek uit te bou tot op die vlak waar dit vandag is en dat u altyd Sawa se belange op die hart gedra het.

Ek wil dus ook hiermee my gelukwense oordra aan die streekbestuur en lede met die viering van hierdie dertigste verjaarsdag. Ek wil u almal sterkte toewens vir die toekoms en vertrou dat u altyd so 'n voorbeeldige streek vir Sawa sal wees. Vier hierdie besondere mylpaal met oorgawe en sterkte met al die verrigtinge.

Boodskap Voorsitter Gebied Jakaranda

# Martin Rix



Namens die Gebied Jakaranda sê ek baie geluk aan Streek Kiepersol met sy dertigste verjaarsdag en wens die streek alle voorspoed toe. Kiepersol is die grootste streek in die gebied en lê baie klem op doeltreffende kommunikasie, werwing van jonger lede en skep sosiale geleenthede vir senior burgers. Mag julle in die toekoms volhou om op alle vlakke in Sawa 'n leidende rol te speel om sodoende ons organisasie vir ons nageslag te bewaar.

Boodskap Voorsitter Streek Bosveld

# Hannes van Rensburg (JJJ)



Baie, baie geluk met julle 30ste verjaarsdag. Dis nie baie organisasies en selfs besighede wat soveel jare die kop bo water hou nie!! Julle het dit reggekry, 'n besonderse prestasie. Kyk vorentoe en bou op die goeie hoeksteen wat 30 jaar gelede gelê is. As die pad moeilik raak, dink terug aan die goeie tye en onthou moeilikhede het altyd 'n oplossing al is dit partykeer nie maklik nie. Sterkte en voorspoed vir die volgende dertig jaar.

Boodskap Nasionale Voorsitter

# Jurie Dreyer



Sedert Streek Kiepersol se stigting as die voormalige Verwoerdburgstreek op 20 Augustus 1983, kan die streek terugkyk na vele suksesse en hoogtepunte. Die kiepersol is ook bekend as die sambreelboom en is 'n simbool van 'n staatmakerstreek.

Kyk ons terug vanuit die nasionale omgewing van Sawa kan ek verskeie sake aanraak waarin Kiepersol 'n belangrike rol gespeel het.

Vanuit die streek het daar oor die afgelope dertig jaar drie Sawa-Presidente na vore getree wat ook nasionale voorsitters was. Twee ander lede van die streek het ook met onderskeiding op die nasionale dagbestuur gedien. Die skrywerstalent was ook volop en vier nasionale redakteurs het uit die geledere van die streek gekom.

Op gebiedsvlak was daar ook 'n paar voorsitters uit Kiepersol en die huidige senior burgerkoördineerder is ook 'n Kiepersollid. Die eerste gebiedsnuusbrief (Jakaranda) verskyn gedurende Oktober 1999 met 'n Kiepersoller as redakteur.

Kiepersol se bydrae by die Presidente was elke jaar vir my 'n besondere ervaring. Vroegoggend was die kerrie-en-rys potte aan die kook en 'n aangename ontspanne atmosfeer het my begroet as ek douvoordag by die tent 'n draai maak. Die afgelope paar jaar het die kaskarwedren onder leiding van 'n Kiepersoller vir groot vermaak by die Presidente gesorg en nog 'n streeklid sorg nou jaarliks dat die senior burger se allerlei-tafel kreun onder die items.

Sedert my en Kittie se eerste besoek aan die streek gedurende November 2000 by die VEK kampterrein het ons nog altyd die vriendelikheid, omgee vir mekaar en wedersydse respek binne Kiepersol beleef. Voorwaar 'n veilige sambreel om onder skuiling te soek.

Met hierdie kort boodskap wil ek graag namens die nasionale dagbestuur en NUB die streek geluk wens met hierdie besonderse mylpaal wat bereik is en ons mooi wense vergesel u in die komende jare.

Boodskap Voorsitter Streek Rietvallei

# Tjaart Klaasen



Streek Rietvallei wens Streek Kiepersol baie geluk en voorspoed toe met hulle dertigste verjaarsdag. Sedert ons totstandkoming in Mei 2006 (waar Kiepersollers teenwoordig was) was daar 'n noue band tussen die twee buurstreke. Daar is by geleentheid saam gekamp en daar was verskeie toere waar lede van die twee streke skouer geskuur het. Ons beste wense vergesel Streek Kiepersol op die pad vorentoe.

Algemene boodskappe

# Buurstreke se goeie wense

Streek Kiepersol se buurstreke wat tans saam in die Jakaranda gebiedsbestuur dien, het hulle goeie wense met ons dertigste verjaarsdag oorgedra.

Die tiende (dienende) voorsitter sê

# Ons streek het dertig goeie jare agter die rug

**André Baker**

Dis 'n voorreg om voorsitter te wees van 'n streek met dertig goeie jare agter die rug. Ons kan ook trots wees op wat die afgelope jaar bereik is.

Kiepersol is een van die min streke in Sawa wat groei in ledetal en 'n hele klompie nuwe lede het die afgelope twee jaar by ons aangesluit. Daar is tans net drie gesinne oor wat by die stigting van ons streek 30 jaar gelede teenwoordig was. Daar het egter soveel lede bygekom dat ons tans die derde grootste Sawa-streek is. Ons het ook 'n trotse geskiedenis soos daar elders in hierdie gedenkuitgawe gelees kan word.

Die termyn het afgeskop met 'n bestuurskamp verlede jaar by Aasvoëlkrans waar beplanning gedoen is. Die relatief nuwe bestuur is in 'n eenheid saamgesnoer. Dis belangrik dat daar op die manier saamgewerk word omdat al die lede soms vanweë werks- en ander omstandighede nie geredelik beskikbaar is nie en daar gedelegeer moet word. Daar is voortgegaan met die nuwe Kiepersol gholf hempie en baie lede dra dit met trots.

Daar is voortgebou op ons kernbesigheid naamlik om lekker te kamp en al is daar baie van ons lede wat nie gereeld saamtrekke kan bywoon nie, geniet ons die kampe. Ons vereenselwig ons met Sawa se tema van die jaar naamlik om die organisasie te koester. Die woonwa speel so'n belangrike rol in ons lewens dat ons dié woord vir die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) geborg het (geskenk deur 'n bestuurslid). Ons maak ook 'n betekenisvolle bydrae tot gemeenskapsprojekte soos Helpende Hand. Die sosiale sy het ook nie agterweë gebly nie en ons het 'n baie lekker mandjiedans gehad wat goed deur lede van ander streke en die publiek ondersteun is.

Daar was ook vroeër vanjaar 'n geleentheid waar die voorsitters en ander bestuurslede van die streke in die Gebied Jakaranda met die nasionale voorsitter kon gesprek voer. Daar word ook vooruitgesien na die nuwe struktuur wat op nasionale vlak in die vooruitsig gestel is en wat by die kongres bespreek sal word. Gelukkig bly die funksionering van die streke onveranderd en kan ons voortbou op die stewige basis van die afgelope dertig jaar.



*Streekvoorsitter*

Kommunikasie met lede is vir die bestuur 'n prioriteit en benewens die gereelde SMSe speel Kampkrummels 'n belangrike rol. Die redakteur van die afgelope amper 18 jaar tree by die AJV amptelik uit. Daar is ook 'n *facebook*-blad gestig en Kiepersollers kan daar hul ervarings met mekaar deel.

Ons kom pas terug van 'n baie geslaagde streektoer na Berg en Dal in die Krugerwildtuin. Soos julle seker op Kiepersol se *facebook* blad gesien het was die toer vol opwinding. Ons het die Vrydag aand by Que Sera buite Pretoria bymekaar gekom vanwaar ons die volgende oggend vertrek het. Dit was die eerste toer wat ek as toerleier moes optree, wat 'n voorreg. Dit is egter is 'n groot verantwoordelikheid en die senuwees het aanvanklik maar gepla. Al die toerlede het so mooi saam gewerk dat dit net 'n plesier was om as leier te kon optree. Dankie aan almal. Die res van die toer het ook sonder probleme verloop en soos ek verneem het al die toerlede dit baie geniet.

Ons streek se 30ste bestaansjaar word tydens die AJV-naweek in Augustus gevier. Benewens 'n gewone funksie sal ons ook 'n verjaarsdagtee hê waar van die nasionale en gebiedsbestuurslede teenwoordig sal wees.

Baie dankie aan almal wat die afgelope dertig jaar voorgeloop het, ook aan die lede wat altyd bereid was om te help om die streek te bring waar dit vandag is. Soos tannie Lettie Leach met die tong in die kies sê Sawa staan vir 'sal almal werk asseblief') Ons bring ook hulde aan die lede wat nie meer met ons is nie en wat groot bydraes tot ons streek en Sawa gemaak het.

Ons glo ons sal kan voortbou op die stewige grondslag en suksesse en doelgerig die volgende jare kan aanpak want 'n "doelgerigte lewe is die enigste manier om te lewe".

## Saamtrekdatums

26 Julie: Manyane-kuierkamp
Seniors reeds vanaf 22 Julie
Tarief R125 per nag (ook vir naweek). Plus plaatjiegeld
Beperkte staanplekke, skakel Ina van den Berg: 081 270 8267

23 Augustus: Klein Paradys (AJV). Bevestig bywoning asb.

24 Augustus: Seniortoer na Golden Gate

13 September: Nasionale Saamtrek Koppisol
Bespreek by 011 918 0699

25 Oktober: Marula

15 November: Afsluitingsfunksie by Que Sera

## Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Kennis word hiermee gegee van die 30ste Algemene Jaarvergadering van Streek Kiepersol van die SA Woonwa-Assosiasie wat gehou sal word op Saterdag 24 Augustus 2013 om **13:00** by Klein Paradys (Brits).

Ina van den Berg
Sekretaris
17 Julie 2013

# Vorige streekvoorsitters deel hul ervarings met ons

## Eddie Leach



**1983-1985**

Reeds so ver terug as 1981-82 het Sawa se Nasionale Uitvoerende Bestuur (NUB) 'n beroep op die groter streke gedoen om aandag te skenk aan moontlike groeipunte en dan pogings aan te wend om daar nuwe streke te stig. Dit was vir die groep lede in die suide van Pretoria net die aanmoediging wat hulle nodig gehad het. By die jaarvergadering van Streek Pretoria in 1982 is ek aangewys om die moontlike afstigting van die lede in die munisipale gebied van Verwoerdburg te ondersoek. Die reaksie was oorweldigend positief. Die lede in Valhalla, Voortrekkerhoogte en Erasmia het gevra dat hulle ook by die voorgestelde nuwe streek moet kan inskakel. Na verdere samesprekings met die moederstreek Pretoria word 'n kenmekaar-braaivleis op Saterdag 19 Februarie 1983 gehou. Dis deur 14 gesinne bygewoon en 'n reëlingskomitee met my as sameroeper is in die lewe geroep.

Die eerste vooraf saamtrek was die naweek van 16 April 1983 by Polkadraai. Die verdere reëlings vir die verwagte afstigting het vlot verloop. Die lede het heelhartig saamgewerk met voorstelle vir die naam van die streek in wording en uiteindelik op die naam Verwoerdburg besluit.

Ons het vervolgens aan die NUB kennis gegee dat ons met hulle goedkeuring op 20 Augustus 1983 'n vergadering wil hou waar ons amptelike stigting sal plaas vind. Tydens die vergadering is die volgende bestuur verkies: Eddie Leach, voorsitter, Waldo Delport, ondervoorsitter, Koos Jerling, sekretaris, Ina Delport, penningmeester. Die drie addisionele lede was Gert Rall, Johan Strydom en Ans Theron.

Heelwat skenkings is ontvang. Henk ter Stege het die kateder gemaak wat nog in ons besit is. Ander items was die klankversterker wat ek geskenk het en Gert Rall het 'n melkkan laat omskep in 'n "urn". 'n Ander groot geskenk wat ons later van Paul Kruger ontvang het was die graveermasjien waarmee ons steeds plaatjies graveer. Van die ander lede het geld geskenk.

'n Kenmerk van ons saamtrekke deur die jare was ongetwyfeld die heerlike gees wat geheers het onder die lede en die lekker saamsing om die kampvuur op Saterdagaande. Ons streek se eerste toer (Hooglandtoer) het in Oktober 1985 plaasgevind.

Bydrae op nasionale vlak: Die grondslag wat in die beginjare gelê is het verseker dat daar deurentyd manne en vroue was wat bereid was om leiding te neem en te sorg dat die Streek Verwoerdburg, nou Kiepersol, altyd onder die voorste streke in Sawa in sy geheel getel het. Ons kan ook met genoegdoening kyk na die lede van ons streek wat deur die jare 'n bydrae op nasionale vlak gelewer het.

(Oom Eddie is op 8 Mei 2008 oorlede)

## Waldo Delport



**1985-1989**

Na vele reëlings en organisasie breek die groot dag aan op 20 Augustus 1983 toe Streek Verwoerdburg afstig van Pretoria. Daardie aand word daar groot fees gevier. Ons moederstreek Pretoria, trakteer ons op 'n heerlike ete.

Die bestuur besluit dat daar begin moet word met 'n nuusbrief vir die nuwe streek, want wat is 'n streek sonder 'n nuusbrief. So word Kampkrummels gebore met Waldo as ons eerste nuusbriefredakteur. Ons doen self die tikwerk, duplisering en verspreiding. In daardie tyd word Waldo ook verkies op die nasionale dagbestuur. Eers as sekretaris en later as penningmeester.

Oom Eddie dien twee jaar as voorsitter van ons streek waarna Waldo hom opvolg. Die streek was op daardie stadium nog in 'n ontwikkelingsfase en het steeds gegroei en verbeter. Daar is bepaalde grondbeginsels daargestel waarop die streek vandag nog kan voortbou.

Daar breek 'n baie besige paar jaar vir die Delports aan. Ons leef behoorlik net Sawa. Streek Verwoerdburg onderneem ook in 1985 die eerste streektoer, met Jan Dry as toerleier.

Dit het maar rof gegaan met die dogters in die hoërskool en die gepaardgaande dinge soos belydenis van geloof-aflegging, matriekafskeidsfunksie, eindeksamen en die universiteit wat daarna gevolg het. Hiermee saam het die dagbestuursverpligtinge asook die bywoning van saamtrekke baie tyd in beslag geneem. Maar ons het ons alles gegee vir ons streek en Sawa en dit baie geniet. Dit was wonderlik om vriendskappe te smee en lekker saam te kamp. Na 'n paar wonderlike jare tree ons uit die bestuur en toe breek 'n rustyd aan.

(Waldo is op 13 April 2011 oorlede)

## Christo van der Merwe



**1989-1991**

By dieselfde AJV in 1985, by Willem Prinsloo-woonwapark, waartydens Waldo voorsitter geword het, is ek vir die eerste keer as addisionele lid op Verwoerdburg se bestuur verkies. Daarna was ek onderskeidelik sekretaris, ondervoorsitter, selfs vir 'n kort rukkie redakteur van Kampkrummels, tot ek op 23 September 1989 by die AJV voorsitter geword het.

Waaraan dink ek wanneer ek terugdink aan my tydperk as voorsitter?

Eerstens, die lekker, ontspanne, informele streekbestuurvergaderings. Verwoerdburg se streekbestuurvergaderings was nooit moeite om by te woon nie, ook

**(Lees verder op bladsy 7)**

# Lede is siel van Sawa en die 'weervoorspeller'

**Oud-voorsitter Christo vd Merwe (vervolg)**

nie as voorsitter nie. Sake is openhartig en rustig bespreek en nooit was dit nodig om te stem oor iets nie. Nadat konsensus bereik is, is die saak afgehandel en deurgevoer.

Kenmerkend was ook die gemaklike wyse waarop bestuurslede take aanvaar het. Dit was nooit nodig om iemand se arm te draai om vir iets verantwoordelikheid te neem nie. Wanneer 'n saak bespreek is, het iemand gewoonlik net gesê "ek sal dit doen" en dan was dit afgehandel.

Tweedens, ons dierbare eggenotes se geesdriftige ondersteuning. Tannie Lettie Leach het altyd gesê "moenie die man en die vrou saam op die bestuur verkies nie want as jy die een het, het jy in elk geval die ander een ook". Wyse woorde want hoeveel kere het die eggenotes nie met blink planne vorendag gekom nie. Dit was ook glad nie ongewoon om die vrou van die huis waar ons vergader gou-gou nader te roep om te kom advies gee nie. Ons vrouens se talente is dikwels ingespan. Antoinette Kruger moes 'n paar keer 'n "lekker groot" sjokoladekoek bak vir dankie-sê wanneer iemand ons 'n guns bewys het, soos die keer toe die Parkeraad 'n besprekingsflop (hulle s'n!) uitsorteer het en ons heerlik in Satara kon gaan kuier; of toe Gert van Niekerk Kampkrummels se buiteblaaie kosteloos voorsien het. Antoinette moes natuurlik betaal word want koekbak was haar nering en dan het Paul maar ewe gedweë ons skuldjies vereffen. Sawa is inderdaad 'n familie-organisasie.

Dan was daar natuurlik altyd die ondersteuning van ons lede, die "siel" van Sawa. Ek kan onthou dat ons tydens my tydperk as voorsitter besluit het om 'n depositofonds te stig nadat oorde begin deposito's vra het vir besprekings. Lede kon R50 vir twaalf maande by die streek "belê", sonder rente. In 'n japtrap het ons voldoende geld gehad en bitter min lede het ooit hulle deposito's weer opgeëis.

Dan was daar die poedingverkopery by saamtrekke. Dit was maar altyd dieselfde ouens wat die bestanddele gegee het, die poedings gemaak het en dit dan weer by die saamtrek gekoop het. Totaal onlogies maar lekker!

Op 18 November 1991 word ek op die dagbestuur verkies en moes ek, volgens die Sawa-grondwet, die tuig op die streekbestuur neerlê.

As oudvoorsitter is dit lekker om te sien dat dieselfde gees en atmosfeer nog steeds in Streek Kiepersol heers. Ek en Martie kamp minder as wat ons graag sou wou maar meeste van ons vriende is nog steeds Sawanante. En wanneer ons nie kan kamp nie het ons die wonderlikste herinneringe aan die heerlike tye saam met ons Sawa-vriende.

## Frieda Burger

**1992-1997**



By die AJV in September 1991 was Christo van der Merwe nog voorsitter. By die kongres is hy en Fanie Marx verkies op die dagbestuur en word ons streekbestuur so geskommel dat ek toe ondervoorsitter word met Sarel Alberts as voorsitter. Toe vaar die streekbootjie rustig tot in Junie 1992 en die volgende oomblik raak alles weer deurmekaar met dié dat Sarel bedank. Uit die bloute is ek skielik die voorsitter met dien verstande dat ek net sal uithelp tot die AJV. Die uithelp het toe vyf jaar geword. Vyf jaar van groot vreugde en hoogtepunte met gelukkig baie min rimpelings.

Plakkerskamp-era: Met ons eerste Sawa-toer in 1989 was daar nog 'n hele klompie jongmense wat volstrek nie meer in die woonwa wou slaap nie. Die gevolg is dat daar toe 'n "plakkerskamp"-era ontstaan toe die kinders met regte tente begin kamp het. Mettertyd het die tente-kamp egter uitgedun geraak. Vandag is die jongmense lankal getroud en die ouers van kinders. Van die ouers met kinders is vandag al self lede, soos Louis en Madelein van den Berg.

In Augustus 1993 vier die streek sy tiende verjaarsdag met 'n rekord 44 woonwaens uit 64 by Wonderwaters. Ina Delport, wat ook die eerste vaandel gemaak het, oorhandig 'n nuwe vaandel aan die streek. Die aand was daar 'n heerlike aansitete en 'n regte orkes. 'n Paar dae voor die funksie bel die spysenier en sê hy kan nie meer die aartappels, reeds op die spyskaarte gedruk, voorsien nie. Ek kan nie meer onthou hoeveel sakke aartappels ons die Saterdag geskil en voor die ete gebak het nie, maar almal het warm gebakte aartappels (uit tannie Babe se oond) op hulle borde gehad!

Sommer vroeg in my termyn het ek 'n NUB-vergadering by Louws-woonwapark bygewoon. Daar was ons toe darem twee vroulike Sawa-voorsitters. Ralie Roodt, toe nog van Kransberg, was die eerste vroulike voorsitter. Daar was egter 'n lang tyd toe ek die enigste dienende vroulike voorsitter was en ek onthou nog hoe daar met tye half tong in die kies gewonder is oor dié vrou. Dié tyd het egter vir baie vriende binne Sawa gesorg.

Antie Poeding en Voedvrou: Ek is ook al by tye verskeie name genoem soos "Antie Poeding", "Ystervrou" danksy Bertus Voges, en "Voedvrou" deur Paul Kruger, en ook die "Weervoorspeller" na aanleiding van my gewaagde reënvoorspelling vir die Fonteine-naweke.

**Lees verder oor die 'weervoorspeller' op bladsy 8**

# Antie Poeding, Natuurmens en Jannie 'Saggiespraat'

**Oud-voorsitter Frieda Burger (vervolg)**

Kongresse: Elke kongres wat ek kon bywoon was waarlik 'n voorreg, veral 1994 se Standerton-kongres toe Verwoerdburg twee trofeë verower het en oom Willie van der Merwe wou weet hoe laat dit is toe ons tot laat jolyt gehou het.

Dis tog jammer dat ons ledetal in my tyd nooit by 80 kon kom nie. Elke jaar het ons gedraai by 78 of 79. Maar die 80 het ons bly ontwyk. Dit was egter 'n groot fees toe ons bestuur en senior burgers oom Willie se 80ste verjaarsdag kon vier. So ons het darem êrens 'n 80 kon inwerk. Hy en tannie Hannetjie is geruime tyd al oorlede.

Wildsfees: Die eerste Wildsfees in 1996 by Thabazimbi bly ook 'n uitstaande gebeurtenis. By retrospeksie kan ek vandag nie glo dat ons sowaar 108 waens op die skoolterrein ingepas het nie.

Na my uittrede na vyf jaar het ek al baie gedink dat daar seker dinge was wat mens anders kon gedoen het, maar een ding is seker en dit is dat ek niks maar niks sou kon doen sonder die ondersteuning van my gesin en die bestuurslede wat my arms altyd omhoog gehou het nie.

## Poen Venter



**1997-2000**

My betrokkenheid by Sawa was vir my as natuurmens 'n hoogtepunt omdat die aktiwiteite wat binne die organisasie plaasvind jou nader aan ander mense asook die natuurlewe bring. Ek het dit geniet en die saamwees met mens en natuur is ook ondersteun deur boekevat en eredienste wat die Christelike grondslag bevestig.

Aanvanklik was my betrokkenheid meer sosiaal waar jy vriende kon maak met ander mense wat jy nie elke dag sien nie. So het die vriendekring binne die streek en ook oor streekgrense heen uitgebrei en daarom kon 'n mens uitsien na die volgende saamtrek. Dit het egter nie net op die ontspanne manier voortgegaan nie want 'n mens is ook bereid om terug te ploeg in Sawa. Dit was dan ook 'n voorreg om op die streekbestuur te dien en sodoende 'n bydrae te lewer tot die groei van die organisasie. Hierdie bydrae was ook iets gewees wat uit die hart gedoen is want dit gaan oor die mense wat jy as bestuurslid verteenwoordig.

Sawa is en sal altyd 'n organisasie wees waar natuurliefhebbers met Christelike beginsels en respek vir hulle medemens hul kan uitleef. Dit is dan ook belangrik dat die lede hulle sal beywer om kwaliteit lede vir die organisasie te werf.

Dit is ook so dat die natuurgogga jou op 'n ander manier beetkry en daarom het ek met 4x4-kampering en uitstappies begin. Dit is net soos woonwakampering iets spesiaals en so ondersoek 'n mens ook alles en behou die goeie. Geniet Sawa en veral sy mense want dit is die mense wat Sawa maak en nie Sawa die mense nie. Bou voort op 'n gesonde en goeie organisasie en veral 'n wonderlike en spesiale streek genaamd Kiepersol.

## Jannie van den Berg



**2000-2006**

*(Stoffeltjie noem hom Jannie Sagggiespraat)*

Die aktiwiteite van Streek Kiepersol word bepaal binne die raamwerk van Sawa se grondwet en riglyne sowel as die lede se behoeftes. Ek het my rol as voorsitter gesien as die koördineerder van 'n span mense (die bestuur) wat die streek se aktiwiteite aan die hand hiervan gereël het. Die lede se behoeftes het dus die deurslag gegee en nie my of die bestuur se wil nie. Ek was baie gelukkig om in die amper ses jaar wat ek as voorsitter gedien het 'n baie bekwame en bereidwillige bestuurspan te hê wat dit vir my baie maklik gemaak het.

Belangrikste gebeure: Eerstens die naamsverandering van Verwoerdburg na Kiepersol in 2001. Dit het besonder vlot verloop vanweë die spanwerk en betrokkenheid van die lede. Die naamsveranderingskomitee het hul huiswerk baie goed gedoen en lede betrek waar nodig. Ten spyte daarvan dat baie van ons nog sentimenteel was oor die naam Verwoerdburg, het die lede sowel as Sawa in die breë die naam Kiepersol onmiddellik aanvaar en dit hul eie gemaak.

Tweedens die voorslagfunksie wat ons gehad het toe ons die streek se 21ste bestaansjaar in 2004 gevier het. Onder die leiding van die reëlingskomitee is al die nodige geld ingesamel en toe die dag aanbreek was dit een van daardie funksies om te onthou. Hier het ons weer gesien hoe mense kan saamwerk om 'n einddoel te bereik. Ons het ook uitgevind dat projekte soos die boemelaarsdans en die gholfdag lekker gesellighede was en nie noodwendig net gebruik hoef te word vir fondsinsamelings nie.

Derdens die aandag aan ons jeug. Die bal is aan die rol gesit met die koöptering van 'n jeugverteenwoordiger op die bestuur. Daar is alreeds van ons Sawa-kinders wat lede van ons streek geword het maar daar is nog baie potensiaal wat ontwikkel moet word.

Vierdens was daar die "Willetyn" streektoer in Augustus 2002. Sal ons dit ooit vergeet? 'n Groot groep, 'n lekker vakansie, 'n fees uit die boonste rakke.

Samevatend glo ek dat die bestuur oor die algemeen daarin geslaag het om aan die meeste lede se behoeftes en verwagtinge rondom reëlings van kampe en aktiwiteite te voldoen. Ons pak die toekoms in die geloof aan.

# Sawa-waardes en die slagspreuk 'Saam is ons Beter'

## Pieter van Biljon

**2006-2008**



Toe Jannie van den Berg 'n paar maande voor die einde van sy termyn na Algerië verplaas word het die streekbestuur my as voorsitter aangewys. By die AJV in Augustus 2006 word ek die verkose voorsitter. Die volgende hoogtepunte tydens die termyn kan genoem word:

Ons het in die winter van 2006 sommer twee groot funksies gehad naamlik die Winterjol (met *Touch of Class* as gaskunstenaars) wat in Junie plaasgevind het en die gholfdag die volgende maand waar geld ingesamel is vir die streek. Daar is kort na die AJV 'n naweekkamp vir bestuurslede gehou waar spanbou en beplanning gedoen is. Na aanleiding van die kongrestema is die voorsitter se rubriek agtereenvolgens gewy aan die bespreking van die Sawa-waardes. Die bestuur het 'n jeugverteenwoordiger aangewys wat besondere aandag aan die jongklomp by kampe gegee het. Aan die begin van 2008 was daar 68 mense by 'n suksesvolle kamp wat vir naskoolse jongmense by Klein Kariba aangebied is. Verdere funksies soos die musiekpretaand en sosiale middagete is georganiseer. By eersgenoemde is meer as R13 000 ingesamel. Baie tyd is ook gewy aan voorbereidende aksies met die oog op Sawa se feeskongres in 2009.

Nog 'n hoogtepunt was die aanbieding van die kerrie en rys-stalletjie by die Presidente. Die vorige dag het Kiepersollers bymekaar gekom en die groenteskilsessie het tot 'n heerlike sosiale kuier gelei waar daar oor alles en nog wat gesels is. Vroegoggend Saterdag was die pot al aan die kook. Fanie Marx het later met sy slagspreuk 'baie vleis, min rys' gou-gou gesorg dat alles uitverkoop word. Ander nasionale en gebiedsaamtrekke asook die Sawa-webblad is ondersteun en daar was gereelde terugvoering vanaf die NUB aan die lede. Daar het ook twee streektoere in 2007 en 2008 plaasgevind. By die AJV in Augustus 2007 is die tradisionele vaandel aangevul met twee wimpels wat buitenshuis tydens saamtrekke vertoon word.

My termyn is afgesluit met die viering van die streek se 25ste bestaansjaar in Augustus 2008. Besondere moeite is gedoen om die terrein by Zwartkoplapa vir die geleentheid voorberei te kry en daar was 'n mooi verjaarsdagfunksie in die groot lapa.

## Hennie Ferreira

**2008-2012**

Ek is by die AJV in Augustus 2008 tot streekvoorsitter verkies toe die streek 25 jaar oud was. Na deeglike oorweging was my eerste doelstelling om die streek te verenig en rustigheid te verkry tussen die lede. Om dit te bereik gebruik ek die tema "Lekker Kamp".

Die eerste groot taak wat vir Kiepersol gewag het was die aanbieding van Sawa se feeskongresdinee in 2009. Lede is verder by die aksies betrek met die tema *Saam is ons beter*. Die kongres-span maak dit onbetwisbaar een van die beste kongresnaweke wat nog ooit aangebied is, waarvoor ons groot erkenning vanaf Sawa streke, gebiede en die dagbestuur ontvang. Johanna van Biljon se besondere bydrae in die komiteespan dien vermeld te word, natuurlik was Pieter aan haar sy.

In ooreenstemming met Sawa se slagspreuk aanvaar ons ook die tema "Wees trots op Sawa" en saam met "Saam is ons beter" hou ons die lede gemotiveerd. Ons ledetal begin te groei en meelewing in die streek is kerngesond.



As bestuurspan werk ons deurlopend saam en ondersteun mekaar. Geen geleent heid om ons Kiepersollede en bestuurslede erkenning te gee word oor die hoof gesien nie. Ek as voorsitter en die bestuurspan beskou kommunikasie as prioriteit. Ons gaan voort met die voog-groepe en SMS-verbindings en plaas 'n hoë premie op skakeling deur middel van Kampkrummels. Vanaf Januarie 2011 word Kampkrummels ook in elektroniese formaat beskikbaar gestel (met erkenning aan Johann Lemmer wat sedert 1995 redakteur is). Lede is ook aangemoedig om insette te gee en enige aspek onder die bestuur se aandag te bring. Ons gee terugvoering nadat voorstelle ingedien is en moedig deursigtigheid aan. Verder implementeer die streek die Gebied Jakaranda se riglyne met betrekking tot erkenning en kriteria vir toekennings. Die streek bevorder verder die gebiedsbesluit om saam met buurstreke in die gebied te kamp en ondersteun gebieds- en nasionale saamtrekke. Sodoende word skakeling ook met die breër Sawa bevorder.

Die Romanz-funksie in die ouditorium van die Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk kry groot lof en die streek maak R32 000 wins wat die grootste enkele insameling in die streek se geskiedenis is. 'n Mandjiedans die volgende jaar was ook suksesvol. Ons het werklik "saam gewerk". En dié tema loop soos 'n goue draad deur my termyn.

Ons streek reik ook uit na die gemeenskap en saam met Helpende Hand verleen ons materiële hulp aan minderbevooregte Afrikaners. Frank en Hettie Smith se groot bydrae en leiding verdien erkenning.

Die bestuurspan identifiseer deurlopend fokus-areas en moedig gesprekke rondom temas aan. Die nodige opvolgbeplanning verseker dat daar 'n gladde oorskakeling na nuwe besture plaasvind.

Die Kersboomfunksie is uitgebou om ook lede en hulle kinders/kleinkinders te betrek en daar is oorhandigings gedoen wat nie by die AJV afgehandel kon word nie. Die kampprogram vir die volgende jaar word ook met insette van lede tydens die AJV gefinaliseer.

Ek tree na vier jaar in Augustus 2012 tydens die AJV uit met die wete dat die streek in goeie hande is en kyk terug met die wete dat "saam was ons beter".

# Kiepersol nou 'n hardebaardstreek

Dertig jaar in die lewe van 'n mens is 'n besondere mylpaal. Dis daardie tyd in jou lewe wanneer jy van 'n jeugdige oorgaan na 'n volwassene, dis die tyd wanneer die manne onder die "hardebaarde" begin tel!

Wie van ons wat destyds op 20 Augustus 1983 by Streek Verwoerdburg se geboorte te Joos Beckerwoonwapark teenwoordig was, sou kon dink dat ons dertig jaar later nog teenwoordig sal wees by Kiepersol se toetrede tot die geledere van "senior Sawa-streke". Daar is bitter min van ons oor: Ek en Martie, oom Gert Rall en Johann en Alet Lemmer.

Sommer van meet af aan was Verwoerdburg 'n streek wat sy plek binne Sawa vol gestaan het. Alreeds tydens afstigting was 'n Verwoerdburger, oom Chris Pienaar, nasionale voorsitter van Sawa. En soos wat die jare vir Verwoerdburg aangestap het, het die streek op nasionale vlak 'n al hoe groter rol gespeel (lees op bladsy 23).

Watter tipe streek lewer hierdie soort prestasies? 'n Voorslagstreek! 'n Swak streek kan nie sterk lede lewer nie. Die streek is die teelaarde vir lede wat groot hoogtes bereik. Een van die groot kenmerke is die rustigheid wat daar in die streek heers. 'n Oase, 'n rusplek langs die pad waarheen die lid kan kom om weg te kom van die druk en gejaagdheid van ons hedendaagse lewe. Sonder om verstok te wees, het Kiepersol daarin geslaag om behoudende tradisies soos boekevat, erediens en gesellige samesyn deel van die streek se naweek-kultuur te maak. Ten spyte van ongetwyfelde sterk gevoelens wat lede mag koester oor politiek en die kerk, was dit nog nooit 'n faktor in die streek nie. Die leiding wat van agtereenvolgende besture uitgegaan het, was ook dat dit nooit faktore in die streek mag word nie.

Hoe belangrik politieke onbetrokkenheid vir Streek Verwoerdburg was, is duidelik bewys toe dit duidelik geword het dat geskiedkundige Afrikaanse name, soos Verwoerdburg, die teiken van politieke aktiviste geword het. 'n Naamsverandering was menige organisasie se ondergang. Maar Verwoerdburg het Kiepersol geword asof dit maar altyd so beplan was. Die naamsverandering het geen spanning tot gevolg gehad nie, die karakter van die streek is glad nie geraak nie. Die warm menslikheid is nog steeds daar, die omgee vir vriende en mekaar se belange op die hart dra, het nie verminder nie.

Kiepersol is inderdaad nog steeds 'n toevlugsoord waar elke lid sommer net kon ontspan en gesellig saam met vriende verkeer.

Kyk ons terug na waar ons vandaan kom, en kyk ons vorentoe na waarheen ons op pad is, kan mens nie anders as om met 'n gevoel van opgewondenheid gevul te word nie. Die afgelope dertig jaar het getoon dat Kiepersol inderdaad 'n groot streek is, nie net in omvang nie maar ook in statuur. 'n Streek wat groot kan dink en wyer as eiebelang besluite kan neem.

**Christo van der Merwe**

# Wildtuinfoto's tydens die onlangse toer geneem



*Luiperd in die boom*



*Geelpens Suikerbekkie*

*Foto's op hierdie bladsy deur Braam van der Ende*



*Seldsame albino rooibok*

**Lekker Kampnuus**



# Ons kamp saam met Waterberg

**Frank Smith**

Met Buffelspoort wat beperkte staanplekke vir die sitrusfeesnaweek gehad het, sit ons af na die Tempel-woonwapark. Hierdie naweek is deur Fanie Marx gereël as eerste stap om die Satelliet Waterberg mettertyd weer in 'n volwaardige streek te omskep. Tempelwoon-wapark is geleë sewe kilometer vanaf Modimolle (Nyl-stroom) op die ou pad na die voormalige Naboomspruit. Ses lede van Kiepersol, insluitende Fanie en Marie Marx, was teenwoordig asook drie lede van die nasionale uitvoerende bestuur insluitende die nasionale voorsitter.

Op Woensdag 29 Mei 2013 om negeuur vertrek ons na Tempelwoonwapark. Ons is verras om te sien hoe netjies die kampeerterrein is met helder blou swembad-dens. Later die oggend daag Martiens en Bets Joubert op en ons kuier lekker saam in heerlike herfsweer.

Donderdagoggend ry ons vier Bela-Bela (Warmbad) toe en met ons terugkeer by Tempel is ons verbaas om te sien dat die kamp al 'n hele klompie naweekgangers by gekry het. Vrydag arriveer nasionale voorsitter Jurie en Kittie Dreyer en ander dagbestuurslede André en Juliana Knoetze en Vossie en Hannetjie Vosloo. Laatmiddag daag Fanie en Marie Marx op. Hulle is die oggend vier-uur uit Underberg weg waar hulle die week vakansie gehou het.

Tannie Nan Bezuidenhout en Marie Marx was besig om sop warm te maak toe die krag afgaan. Gelukkig vir gasstofies! Die krag bly af tot net voor sonop die Sater-dagoggend. Hierna is die elektrisiteit gelukkig nie weer onderbreek nie. Saterdag kuier almal oor en weer en Pierre de la Harpe maak "warm" gekruide sop saam met die heerlikste brood wat Bets Joubert gebak het. Daar is vir die aand 'n vleisbraai in die boma gereël en almal kuier heerlik saam.

Sondagoggend na die kerkdiens, wat deur 'n afgetrede predikant van Kokanje waargeneem is, word daar "brunch" gemaak en verder gekuier. Daarna begin die oppak maar soos altyd bly 'n paar van ons (Smiths, Bothas en Jouberts) oor tot Maandag 3 Junie 2013.

Die woonwapark se tarief was R350-00 vir die naweek. Gelukkig kon Fanie dit gereël kry dat ons vir die ekstra dae net R130-00 per dag betaal het. Tempel is nie te vêr nie, net jammer van die tolhekke en duur brandstof anders kon Kiepersol meer daar gaan kamp het.

Kiepersolgroete

**Frank en Hettie Smith**

# Mymer oor 30 jaar se saamtrekke

**Christo van der Merwe**

***Kampnuus word aangevul met mymeringe oor 'n klompie lekker saamtrekke wat oor die afgelope dertig jaar plaasgevind het.***

**Joos Becker:** Na die stigting in Augustus 1983 was daar nog baie saamtrekke by Joos Becker. Die Groot Pannekoek bakwedstryd was daar onder die afdak, toe die vrouens net gesit en kyk het en die mans alles self moes doen, van deeg aanmaak tot suiker en kaneel strooi. Dis ook daar waar Fanie Marx sy hand die eerste keer aan 'n skaapbraai ge-waag het. Dit was toe dat ons ook die eerste keer in my nommer 20 pot vir die streek pap gemaak het. Danksy Fanie se opvoubare tuinslang kon ons warm water uit die ablusieblok in die pot tap en op die manier die proses aan-sienlik versnel. Ons het die Agterstevoor Boeresport ook by Joos Becker gehou. Spiesgooi met 'n verestoffer, vere vorentoe; diskusgooi met 'n papierbord, sommiges het selfs negatiewe afstande teen die wind aangeteken; gewig-stoot met die polistireenbal van 'n toiletspoelbak; alles groot pret.
(Van die redakteur: Die eerste Presidente-saamtrek is in 1984 by Joos Becker gehou. Dit het R5 per dag gekos en daar is R1260 ingesamel. Daar is gedurende die naweek onder andere vir gimtrim voorsiening gemaak).

**Willem Prinsloo-saamtrekke** was gewilde saamtrekke, waarom weet ek nie eintlik nie. Miskien was dit die plaasatmosfeer. Of dalk het die geheim gelê by die heerlike bakoond brood en hoë oktaan mampoer wat mens daar kon koop. Daar het ons ons eerste vleisbraaikompetisie gehou wat deur die Vleisraad geborg en beoordeel is.

**Hennopspride was pret-saamtrekke.** Almal het gaan swem en elkeen wat maar enigsins dapper was, het die gevaarlike supertube gaan ry. Om die een of ander rede het ons ook altyd vlugbal daar gespeel. Oom Gert Rall is 'n man wat sy vlugbal ernstig opneem en hierdie wedstryde het sy geduld tot die uiterste beproef. Dit was 'n skeids-regter se nagmerrie en wyslik is geen omstrede beslissings ooit gegee nie.

**Boskamp by Moot-kommando:** By die kamp was die geriewe vir die basiese behoeftes van die troepies ingerig en daarmee basta! Dit was by uitstek 'n kuierkamp. Daar is oor-en-weer gekuier en gesels en in die lapa tee gedrink soos by min ander saamtrekke. En die kinders het hulle wind uit gespeel tussen die bosse.

Ten spyte van die afstand was die saamtrekke by **Klein Kariba** altyd baie gewild onder die Verwoerdburgers. Potbrood en potjiekos was toe "in". By 'n potbroodkom-petisie kon 'n erg bekommerde Willem Burger sy oë nie glo nie toe sy potbrood net aanhou rys het oor die rante van die pot. Frieda sny af maar wat rys en oorloop is die brood! Later het die Klein Kariba-saamtrek ons streek se potjie-kossaamtrek geword. *(Blaai om asseblief)*

## Mymeringe oor saamtrekke

**Polkadraai (naby Raslouw langs die Hennopsrivier)** was veral tydens skolesport gewild want dan kon die ouers en kinders sommer vandaar ry om dit by te woon. Kinders kon ook kategese in hulle eie gemeentes bywoon. Daar het ons ook die begin van die sleepkom-petisies beleef. Die klomp was maar erg agterdogtig oor hierdie planne van Fanie Marx maar algaande het dit pret geword en is geesdriftig deelgeneem.

Ons het ons eerste 100ste saamtrekvieringe ook by Polkadraai ervaar. Oom Eddie en tannie Lettie Leach het hulle s'n met 'n ontbyt gevier. By 'n ander saamtrek was dit weer Waldo en Ina Delport se beurt met potbrood en konfyt.

**Paasnaweek se Heidelbergkloof Presidente-saamtrekke.** Met ons eerste Presidente het ons kort na boekevat Donderdagaand daar opgedaag. Die kamp was vol, meer as 300 woonwaens op 118 staanplekke. Maar ons word ingedruk, so al met die voetpaadjie af, deur die tuintjie, die Jurgens se boude plat teen die wal, sy neus hoog gelig op bakstene. En ons kuier, en ons eet en drink, en ons hou kermis en ons geniet elke oomblik. Daardie Saterdagnag het 'n bittere koue toegeslaan. In die middel van die nag soek almal komberse en warmgoed, kinders wat in sytente geslaap het, word inderhaas binne die woonwaens tuisgemaak. Sommige woonwaens was vol, dan het die kinders maar by vriende wat plek het gaan aanklop, maar niemand wou daardie nag buite in 'n tent slaap nie. Ons woonwa was tjok en blok vol!

'n Ander keer het Verwoerdburg heel agter, teen die boonste heining, teen die wal gestaan. Al genade vir Fanie Marx was om die *Sunway* se een stel wiele af te haal en 'n gat te grawe. Dit was nog nie regtig waterpas nie maar darem leefbaar. Maar daar is so in daardie laertjie gekuier dat niemand oor die skuinste gekla het nie.

**Witbankdam:** Daar was nasionale saamtrekke oor die langnaweek van 10 Oktober toe dit nog nie 'n vakansiedag was nie. Daar is ook vlugbal gespeel. Dit was juis by so 'n kompetisie die Saterdagmiddag dat die weerlig so tussen die spanne, naby Jacob van der Merwe en Willem Burger, slaan dat jy net swael ruik en stof sien staan! Voor jy kon sê "knipmes" was al die spelers van die veld af en sit spierwit geskrik onder hulle afdakkies! Daarna is nooit weer vlugbal gespeel as dit enigsins lyk asof daar weer in die lug is nie. Ons het ook die **grootste Presidentesaamtrek** in Sawa se geskiedenis by Witbankdam beleef (1991). Daar was 403 woonwaens. Op pad soontoe verloor Theunis Botha sy Jurgenswoonwa se dak maar wat, dit sit die Bothas nie af nie! Met 'n tentpaal in die middel van die woonwa staangemaak en die tent se seil soos 'n kloktent daaroor gespan, word daar gekamp! Een aand sak daar skielik 'n reënbui uit en almal vlug woonwaens toe om maar te gaan slaap. Net so skielik as wat die reën begin het, hou dit ook op. Dis toe dat Paul Kruger sy kop by die woonwa uitsteek en kliphard sê "Nou's ek lus vir pannekoek!" In 'n japtrap is almal uit, tafels opgeslaan, deeg aangemaak en word daar pannekoek gebak. Laat daardie aand, toe die res van die kamp probeer slaap, sit Verwoerdburg en smul en gesels.

**Gebied Jakaranda se eerste gebiedsaamtrek** het by Witbankdam plaasgevind. Die Saterdagaand het ons 'n groot potjiekosmaak aan die gang gehad. Tannie Anna Rall dwaal rustig tusen die potjies deur en loer hier en kyk daar, totdat sy by oom Frikkie Marx kom. Vier spore verseg hy dat sy in sy pot mag loer. Dit was vir tannie Anna se nuuskierigheid een te veel en kort-kort kom maak sy 'n draai by oom Frikkie. "Nee Anna, jy mag nie kyk nie!" hou oom Frikkie voet by stuk. Eers toe ons amper klaar is, laat hy tannie Anna gou-gou loer. Dit was al die tyd iemand anders se koue, leë pot met twee rou aartappels in!

Daar is sóveel mooi herinneringe dat ek vir bladsy na bladsy sal kan aangaan, maar iewers moet ek ophou gesels.

**Nasionale Geloftefeessaamtrek by die Voortrekkermonument:** Ek sluit graag af met dié saamtrek wat seker die grootste indruk van almal op my en Martie gemaak het. Dit was 25 jaar gelede by die 150ste herdenking van die Groot Trek (10 tot 16 Desember 1988). Die hele saamtrek was so tagtig woonwaens groot.



Die kampeerterrein was aan die suidekant, tussen die Monument en Eeufeesweg, teen die skuinste, tussen die klippe, sonder krag, met koue water bogronds aangelê. Die terrein was in straatblokke uitgelê, meeste van ons beland toe in Deborah Retiefstraat. Die "strate" was eintlik net met 'n paar klippe gemerk en mens moes maar self met die oog peil waar jou straat en jou staanplek is. Ons het geesdriftig aan al die verrigtinge deelgeneem en so lekker gekamp dat Paul en Antoinette Kruger en kinders later die sewende Verwoerdburg-gesin was wat kom saamtrek hou het.

Die koerante het goeie dekking aan die verrigtinge verleen en elke oggend het ons eers gekyk of ons nie iewers in 'n koerant verskyn nie. Derick Burger van Willem en Frieda het so die voorblad van Beeld gehaal waar hy op volle vaart met 'n kaskar teen die bult afjaag.

Die grootste indruk op my van hierdie saamtrek was die reuse, helder verligte Monument wat saans, wanneer ons Boeke gevat het en daarna om die vure gesit het, so majestueus bo ons uitgetroon het. Dit het soms gelyk asof die Monument bo-oor ons gehang het. 'n Onvergeetlike gesig!

Intussen het Streek Verwoerdburg Streek Kiepersol geword, en dit gaan goed. Wie weet? Miskien sal iemand drie dekades vorentoe ook met dankbaarheid terugdink aan Kiepersol se saamtrekke van daardie afgelope 30 jaar en alles net onthou as een groot, heerlike ondervinding.

# Baie keer lekker getoer in 30 jaar

Die streek se eerste toer **(Hoogland-toer)** was in Oktober 1985 na Golden Gate en omliggende streke. Toerlede het vir wyle oom Wouter Theron, wat aan 'n rolstoel gekluister was, met toue oor berge en dale gesleep en gestoot sodat hy by al die besienswaardighede kon uitkom. Dis ook op hierdie toer dat die bottel gemmerbier in Waldo en Ina Delport se woonwa ontplof het.

Daarna, in 1989, is die **Blinde Toer** onderneem waar die lede blindelings agter Christo van der Merwe aan moes ry. Die raai-raai ryery het groot pret afgegee, veral toe die groep onverwags in die Wildtuin en Tshipise 'n draai gaan maak het.

***Lees meer oor toere op www.sawa.org.za/jakaranda/kiepersol***

Daar is ook, met Fanie Marx as toerleier, 'n draai in die **Kaap** gaan maak. Daar was amper 'n ramp toe RW en Hester Steenekamp se woonwa op Colesberg ontplof het. Die woonwa se oop nate en vensters is met maskeerband toegeplak en so is tot in Port Elizabeth aangesukkel waar CI vir RW 'n nuwe woonwa gereed gehad het. RW en Hester het die toer enduit saamgery.

Daar was verskeie nie-amptelike toere **Wildtuin** toe gewees waaraan 'n klomp van Verwoerdburg se Sawanante deelgeneem het. So het ons Skukuza twee keer en Satara een keer besoek.

Die eerste streektoer van die nuwe millennium (en as streek Kiepersol) was in 2002 (*Willetyn-toer*) na die **Krugerwildtuin.** Toere na hierdie gewilde bestemming is in 2008 en 2013 herhaal.

Hier volg indrukke oor van hierdie toere:

**Geloftefeestoer (Desember 2004)**

Hieroor skryf die toerleier, Christo van der Merwe: Ek noem dit die "Indruk Wekkende-toer". Indruk wekkende, twee woorde, want ek onthou die toer as 'n aaneenlopende reeks blywende indrukke wat by my gewek is. Om maar enkeles te noem: Gewydheid (Voortrekkermonument), Afwagting (oggend by vertrek), Ontspanning (ontbyt op pad), Trots (Majuba), Verbasing (Bloedrivier), Rustigheid (Talana-museum op Dundee), Aangryping (KwaMatiwane), Hoop (Zoeloe-gedenkmuseum), Ontroering (boekevat in die walaer), Verwondering: (Kaalvoetvrou-monument), Nietigheid (Sterkfonteindam).

Die geheelindruk wat die geloftefeestoer by my gelaat het, is een van dankbaarheid vir die voorreg om 'n entjie op ons volk se geskiedenis te kon loop; om aan 'n volk met so 'n ryk geskiedenis te behoort; om met soveel goeie vriende die skoonheid van ons pragtige land te kan geniet; en om aan Sawa te behoort.

**Kanniewarrie (nie amptelik) toer (Maart 2006)**

Die lede van die motorfietsbrigade het koppe bymekaargesit en 'n toer beplan wat hulle in nege dae ongeveer 3 800 km sou laat aflê.

**Gaatmaarsaamtoer (Julie 2007)**



*Paul Kruger maak kos op toer*

Die toer gaan na Drie Berge, Atlanta, Marakele en Bakgatla. Wilanda Prinsloo skryf "dit was twee helse weke." 'n Aangename gees het geheers en daar is ook 'n lekker lees joernaalblad tydens die toer uitgegee.

**Toer Zonder Naam (Wildtuin)**

Paul Kruger en Fanie Marx was die leiers van 2008 se streektoer na Skukuza wat as die 'Toer Zonder Naam' bekendstaan. Die toer het op 20 Junie 2008 afgeskop by die Willem Prinsloo-museum ten ooste van Pretoria, het vier nagte op Badplaas, drie nagte op Sabie en die oorblywende agt nagte op Skukuza oorgestaan.



**Drakensbergtoere**

Frank Smith, senior burgerverteenwoordiger, het die inisiatief geneem om twee streektoere na die Drakensberg te reël in die lente van 2009 en toe weer in 2011. Frank se eerstehandse kennis van die omgewing het hierdie toere besonders gemaak en die toerlede het dit terdeë geniet.

**Nasionale toere**



*Trekker teen berg op in Montagu*

Nasionale Sawa-toere is een van die aangename voordele wat ons organisasie aan ons bied. Dié toere is ook goed deur Kiepersollers ondersteun. Hier word gedink aan die toere na die kongres (Paarl) in 1997 en dié na Hartenbos in 2013 waartydens by 'n hele paar nasionale en ander parke aangedoen is.



*Koeksistermonument in Orania*

Ander toere was ondermeer die Weskustoer in 1996, Wynlandtoer in 2003, Bok-en-Bron in 2004, Kruis-en-dwars-toer (2005: Oos- en Wes-Kaap), Wildtuin (2006), "Rondom SA" (2007) wat ook die blommeprag van Namakwaland ingesluit het, en die Vrugtetoer in 2008 (Oos- en Wes Kaap).

# Van toeka tot Nou

Die eerste vergadering van die Reëlingskomitee, wat in 1983 moes aandag gee aan die afstigting van die moederstreek (Pretoria), het op 21 Februarie aan huis van die sameroeper, Eddie Leach, plaasgevind.

In April stel Koos Jerling skriftelik voor dat die streek Verwoerdburg genoem word. Die stigtingsaamtrek was op 20 Augustus by Joos Beckerpark. Johan Strydom was een van die kampkommandante. Hy is ook later as die eerste jeugorganiseerder aangewys. Dis hier waar talle saamtrekke van ons streek oor die jare gehou sou word.

By die vergadering op 20 Augustus 1983 was 94 mense teenwoordig. Baie van hulle was van die moederstreek Pretoria wat die nuweling in die lewe help bring het en ander was van buurstreke en Sawa se nasionale bestuur. Van die nuwe streek Verwoerdburg was daar dertig lede wat die presensielys geteken het. Daar was altesaam 38 gesinne in die nuwe streek. Aan die einde van die eerste verslagjaar het die getal gestyg tot 51. Dit het algaande aangegroei tot in die 70 en meer. Dit het soms aan die 80 geraak maar het nooit hierdie magiese getal bereik nie.

Ans Theron het in die vroeë jare bekende liedjies van 'Sawa-woorde' voorsien wat om die kampvuur gesing is. 'n Bundel met dié liedjies is in Januarie 1984 vir R1 verkoop. In hierdie tyd skenk Nella van Heerden 'n trofee wat deur die vrou verwerf sou word wat die beste kleingeweerskut is. Die moederstreek Pretoria het jaarliks oor die hemelvaart-langnaweek, 'n skietkompetisie op Nylstroom gehou.

Op 11 September 1984 het Ans Theron 'n beskrywingspunt ingedien waarin woonwaparke versoek is om kragpunte met 15 amps te voorsien.

Vroeg in die streek se bestaan het die lede aangedui dat hulle nie tydens saamtrekke georganiseer wil wees nie maar wil "rus". Daar kon vir die kinders iets gereël word.

Op 13 Oktober 1986 onderneem die voorsitter tydens 'n bestuursvergadering dat hy sy bes sal doen dat die vergadering nie later as 22:00 sal aanhou nie.

Toe Waldo Delport op 23 September 1989 as tweede voorsitter uitgetree het, het hy 'n beroep op die lede gedoen om Sawa se goeie naam met eer uit te dra.

Toe die streek tien jaar geword het, is daar tot laat gedans op die maat van 'n "regte" orkes. 'n Spesiale gedenkbylae tot Kampkrummels het ook verskyn, so ook op verjaarsdae 21, 25, en 30.

In 1998 word daar in Kampkrummels berig dat bestaande houers van kode 8 (en hoër) lisensies uitgesluit is van die bepaling dat alle nuwe aansoekers om lisensies om 'n woonwa te sleep 'n EB-lisensie moet verwerf.

Die nuwe millennium breek aan en Streek Verwoerdburg verander sy naam op 8 September 2001 na Kiepersol. Sedertdien het die streek voortgegaan om 'n tuiste te bied aan mense wat lekker wil kamp en die buitelewe geniet. Lees elders oor van die saamtrekke (bl. 11) en toere (bl. 13) wat deur die jare geniet is.

**Johann Lemmer**

# Nog Wildtuinfoto's



*Die ou grote het 'n houding*
*Foto: Braam van der Ende*



*Luiperd se silhoeët*
*Foto: Helmien van Biljon*



*Seekoeie en 'n krokodil*
*Foto: Dewald van Biljon*

# Funksies wat erkenning verdien

Elders in die blad word verwys na die lekker saamwerk van lede by die Presidente. Daar was egter deur die jare verskeie funksies wat erkenning verdien. Dit was kleiner en groter funksies om geld in te samel, of dit nou poedingverkope by saamtrekke was of groot geleenthede, partytjie hou ons!

**21ste verjaardagviering:** By die AJV-naweek in 2004 het ons streek sy 21ste verjaarsdag gevier. Dit was ’n lekker naweek met ’n spogdinee. Die mense het heerlik gekuier en die pragtig gedekte tafels en saalversierings het getuig van goeie smaak en ’n hoë standaard. Die verwelkoming van die gaste op die rooi tapyt was die begin van ’n gekultiveerde aand waar die stigterslede, ander eregaste en sommer almal wat daar was, tot hulle reg gekom het. Die kers-aansteekseremonie het die kollig laat val op die mense wat die leiding in ons streek geneem het. Dit was aangrypend.

**Veteraan oud-lede:** By die laaste saamtrek in 2004 was verskeie veteraan oudlede teenwoordig wat om bepaalde redes nie by die verjaardagfunksie teenwoordig was nie. Dit het stigterslede van ons streek ingesluit. Later sou Kiepersol veral die kersboomsaamtrekke benut om lede wat nie so gereeld kan kamp nie uit te nooi om saam te kuier.

**Sosiale aande:** Kiepersol was nie net afhanklik van sy lede vir fondsinsameling nie. Dit het gelei tot verskeie funksies waar vriende en mense van buite die streek betrek is. Dit was die begin van ’n era wat in 2004 begin het en steeds volgehou word. Dis afgeskop met ’n suksesvolle **boemelaarsdans en eerste gholfdag** Daarna is die suksesresep herhaal. Die funksies is aanvanklik deur ’n reëlingskomitee hanteer met Johanna van Biljon aan die spits.



*Paul Kruger*

Daar is telkens vir vrywilligers gevra om hulle dienste aan te bied.

**Die tweede sosiale aand** in Maart 2005 was een groot fees. Waar ons die vorige jaar almal boemelaars was, is dié geleentheid gekenmerk deur die teenwoordigheid van mense regoor die aardbol in die maskerade.
**Die tweede gholfdag** in Julie 2005 is ook by die Diensteklub in Thaba Tshwane gehou. Dit was baie lekker en veral die sosiale sy daarvan sal lank onthou word.


*Kos inskep*

**Winterjol sosiale aand met *Touch of Class*** in 2006: Meer as 250 mense uit Centurion en vyf omliggende streke het op 3 Junie 2006 by die mooi gedekte tafels aangesit en heerlik saamgeëet. Daar is tot laat gekuier en geluister na 'n uitstekende uitvoering deur *Touch of Class.*
Daarna is daar gedans en tot laat gekuier.


*André Baker, André en Theunis Botha*

**Derde gholfdag** in Julie 2006: Ons Sawa-mense het goed gevaar tydens die gholfdag wat in Julie 2006 by die Diensteklub, Thaba Tshwane gehou is. Na die prys-uitdelingsfunksie het Pieter van Biljon ‘n gepaste afskeidwoord gerig aan Jannie en Ina van den Berg, wat as voorsitterspaar uitgetree het. Belanstelling het egter getaan en die gholfdag is nie weer aangebied nie.

**Musiekpret:** Die Centurion-stadsaal was Saterdagaand 27 Oktober 2007 gepak met meer as 260 mense wat uitbundig aan die pret deelgeneem het. Die Sawa-president, lede van die dagbestuur, NUB-lede, lede van ander streke sowel as lede van die Karavaanklub van SA was teenwoordig. Die aand was ’n sukses.

By die **Sosiale Sondagmiddagete** op 21 September 2008 het **Bella Musica** mooi agtergrondmusiek gemaak terwyl die gaste ‘n heerlike driegangmaaltyd geniet het. Lekker!

**Sawa se 40ste verjaarsdagkongres 2009:** Dit, saam met die 21ste verjaarsdagfunksie, was die grootste funksie wat die streek gereël het. Buitestaanders het ondermeer daarna as ‘n vyfster glansgeleentheid van hoogstaande kwaliteit verwys en vervolg: Die tafelversierings en ruikers in die saal was van hoë gehalte.


*Tannie Lettie Leach steek ‘n kers aan vir oom Eddie*

Die binnekoms van die Nasionale Voorsitter met die feesfakkel op maat van musiek was iets besonders. ’n Aparte verhogie met rooi tapyt is gebruik vir die oorhandiging van toekennings. Veertig kerse, in die vorm van ’n groot nommer 40, het op die verhoog gebrand, teen die agtergrond van die Sawa-vaandel. ’n Fantastiese uitbeelding van Sawa se veertig jaar van lig.

**Romanz 2011:** Hennie Ferreira het die inisiatief geneem en Kiepersol het aan die begin van die jaar ‘n groot funksie in samewerking met die kerkjeug in Pierre van Ryneveld gereël waar die groep Romanz opgetree het. Dit was baie suksesvol en meer as R32 000 is vir die streekkas ingesamel.

**Mandjiedanse:** Schalk Nolte het met die voorstel gekom dat die streek ‘n mandjiedans reël waar hy die musiek maak. Hierdie funksies is met groot sukses in 2012 en 2013 aangebied. Dit was lekker kuieraande waar die gaste ook vleis gebraai en sosiaal verkeer het.

## Seniors '13 besoek papierfabriek

Die senior burgers het op 9 Mei besoek gebring aan die Nampakfabriek in Rosslyn. Die proses begin waar bale herwonne karton per vragmotor aangery word na die verpulpingsaanleg. Die karton word fyngesny en die afval wat daarin is soos krammetjies, plastiek en bindmateriaal word met masjiene verwyder. Daarna gaan dit deur 'n paar prosesse totdat dit groot rolle papier is wat elk net meer as twee ton weeg.



Die aanleg kan papier van verskillende diktes produseer, meesal tussen 125 en 160 gram per vierkante meter. Die rolle word tydelik gestoor totdat dit na ander fabrieke in die land vervoer word waar die kartonpapier verwerk word tot kartonhouers. Al die water wat vir die vervaardigingsproses nodig is word hersirkuleer nadat dit gedeeltelik gesuiwer is. Groot gasverwarmde stoomketels voer stoom na die rollers. Die fabriek is 24/7 in werking en die masjiene word net gestop vir onderhoud. Ongeveer 160 ton herwonne karton word elke 24 uur verwerk.

Dankie aan Bets Joubert wat ons op die fabriek se spoor gesit het.

**Frank en Hettie Smith (Verkort om in te pas –Red)**

## Kamp by historiese Joos Becker



*Frank en Hettie Smith en Martiens Joubert maak brekfis*

Dit was lekker om die Junie-langnaweek (2013) 'nie-amptelik' by Joos Becker te kamp. Ons hoop om dit meer kere in die toekoms te doen en dat van ons ander seniors wat nie omgee om daar te kamp nie dalk sal wil saamgaan want die kampgeld ruk nie mens se sak te erg nie.
***Frank en Hettie***

## 'n Ketting geskenk vir veiligheid

Op 11 Augustus 1986 het Koos Jerling gesê dat daar stappe tot die beveiliging van saamtrekke geneem sal moet word. Waldo Delport het onderneem om met kenners by die Weermag daaroor te gesels. Jan Dry het aangebied om 'n ketting te skenk waarmee woonwaens in 'n noodsituasie weggesleep kan word (uit notule).

## Vloedwater lek aan woonwaens

Die einde van Januarie 1996 kamp ons by VEK (Irene). Die Sondagoggend toe ons wakker word het die oorvloeiwater van die Rietvleidam al so hoog opgestoot dat die water al die een ablusieblok oorstroom het en begin leklek het aan die eerste woonwaens. Maar watwou, ons kuier al staan al wat 'n woonwa en sleepvoertuig gereed soos in die dae van romantiese boewery se "getaway cars".

Aanloklike walms kom uit Seef Delport se bittereinderpotjie en spoedig meet dit kragte met die reuk vanaf Paul Kruger se houtvuur. Die ete was smaaklik.

Toe besluit die Sawa-telge dat die water goed genoeg lyk vir 'n swem. Die *grand finale* van die swemgala was 'n uiters elegante vertoning deur 'n lid van die Lugmag en 'n voormalige lugmaggimnasium-kwekeling. Hulle sal anoniem bly uit vrees dat hulle gedwing sal word om weer basiese opleiding te doen. Die verskil tussen die veertig- en tienjariges is baie meer as net dertig jaar. Dis meer soos vyftig jaar. 'n Mens se duiktrajek in 20 cm water moet heelwat platter wees as in 20 meter water. Vir die wat vergeet het word 'n boete van 'n paar weke se ribpyn opgelê. Die gees bly gewillig en die vlees word moedswillig.

Hoe dit ookal sy, hierdie vloedkamp was een van die lekkerste kampe wat ons nog bygewoon het, al wou ons vriende ons woonwa Modjadji doop. (Neels van Heerden)

## Nasionale sleepkompetisie



*Fanie Marx*

Ons streek het baie goed gevaar in die nasionale sleepkompetisie wat aanvanklik deur *CI Caravans* geborg is. Dit was 'n kompetisie wat landswyd tussen die mense van al die woonwa-organisasies gehou is. Fanie Marx was drie keer die wenner in die mans-afdeling ('89. '90 en '93). Pierre de la Harpe en Wilanda Prinsloo was ook al wenners van die mans en vroue-kompetisie. Fanie neem steeds leiding by die nasionale sleepkompetisies as organiseerder.

## Woonwa of karavaan?

Geen voertuig is 'n karavaan nie want 'n karavaan is 'n stoet, met of sonder kamele. So sê TAALGENOOT in Oktober 1989 en vervolg: 'n Woonwa kan in Afrikaans nie soos in Engels met dié naam aangedui word nie. Karavaan is 'n woord uit Persies. In daardie taal beteken dit 'n geselskap reisigers wat om redes van veiligheid by, of liefs agter mekaar ry, veral in 'n woestyn en in hierdie betekenis is dit in die meeste Europese tale oorgeneem. Engels is die enigste taal waarin die woord die betekenis van 'n rytuig aangeneem het.

(Die vierde uitgawe van die HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal) stem saam met bogenoemde verklaring maar dui tog karavaan se alternatiewe betekenis as woonwa aan. HAT sê dis ontleen uit Engels maar 'n verafrikaanste vorm wat as nuttig, algemeen of gebruiklik beskou kan word. – Red.)

**Streek Kiepersol het die woord WOONWA in die Woordeboek van die Afrikaanse Taal geborg.**

# Schalk het in ses jaar met 44 gesinne gesels wat van oral in die land afkomstig is

Op versoek van die redaksie kyk Schalk Nolte terug oor die afgelope amper ses jaar waarin hy artikels vir Kampkrummels geskryf het. Om dit te kon doen moes hy onderhoude met die gesinne voer. Sommige was by kampe maar vir die ander moes hy na die mense se huise gaan. Dit het hom al vier agtereenvolgende jare die trofee vir die beste bydraes tot nuusbriewe op nasionale vlak besorg. Schalk skryf soos volg:



*Schalk Nolte*

Dit het alles begin toe ek die senior burgerverteenwoordiger was in 2007, en gewonder het waaroor kan mens nou eintlik skryf, sonder om elke keer net oor die kampe te skryf. Daar het ek begin om onderhoude te voer, eers met senior burgers, en later sommer met al die Kieper-sollers wat ek in die hande kon kry. Om dit bietjie meer interessant te maak, het ek besluit om die lesers in die donker te hou en nie sommer dadelik die name van die persone bekend te maak nie. Hopelik was daar darem nuuskierige lesers wat sou wou lees waaroor dit nou eintlik gaan!

Die artikels het ons amper oor die lengte en breedte van ons land geneem! Van onder in Pletten-bergbaai, Pinelands in die Kaap, Touwsrivier, dan langs die weskus op en die Noord-Kaap by plekke soos Kalksluit en van Wyksvlei, dan Donnybrook in Natal, en dan nog sommer baie ander plekke, te veel om op te noem! Ons was ook in die destydse Suidwes by plekke soos Lüderitz, Bethanie en Vioolsdrift "waar dit so warm geword het dat die son jou sou doodbrand as dit jou alleen sou kon kry". Vandaar was ons by Bloukranspas, met "helder strome water wat rustig voortkabbel, diep donker poele en sonstrepe deur die lower bokant hulle". Ons was ook gedurende die "Willetyntoer" in 2003 by die N'wanetsi Uitkykpunt in die Nasionale Krugerwildtuin en hier het ons "net gesit en uitkyk na die pragtige boswêreld hier onder ons, en na die wyd uitgestrekte wildtuin-landskap". Ons het ook wedervarings saam deurgemaak soos toe MC en Marie de Swardt se motorfietsband gebars het, en toe "hy uiteindelik stilhou en met haar probeer gesels, kom hy agter sy het lankal onbepland afgeklim en lê doer agter in die pad met redelike ernstige beserings!" Of soos Stef en Martie Maritz wat mekaar deur middel van 'n ketting-brief en twee sjielings ontmoet het en later geleer het dat Sawa eintlik staan vir "Soen almal wat aan-sluit"!

Hier volg 'n bietjie inligting:
Dit het gemiddeld so twee ure geneem om 'n onderhoud te doen (daar was 44), en dan so 'n verdere vyf ure om die artikel te skryf. Daar was so 'n paar vrouename wat oënskynlik donkiejare gelede al baie gewild was. So is daar min-stens 11 Johannas in Kiepersol! Dan is daar nog so 'n paar alge-mene artikels ook geskryf.

Ons word almal ouer, maar soos Harriet Beecher Stowe sê: "So much has been said and sung of beautiful young girls, why don't somebody wake up to the beauty of old women?" In ons middeljare sê ons soos Ogden Nash: "Middle age is when you've met so many people that every new person you meet reminds you of someone else." Maar Lady Diana Cooper slaan die spyker op die kop met die woorde: "First you are young; then you are middle-aged; then you are old; then you are wonderful".

# Ons onthou dit spesiaal van hulle

By 'n mylpaal soos 'n dertigste ver-jaarsdag is daar noodwendig ook altyd die hartseer. 'n Mens onthou goeie vriende met wie jy lekker saamtrekke, toere en persoonlike lief en leed gedeel het, veral die spesiale oomblikke: Oom Chris en tannie Barbara Pienaar, stigterslede wat Sawa help "uitdink" het; Oom Eddie Leach, eerste Verwoerdburgvoor-sitter, wat so graag gesing het en net 'n geleentheid gesoek het om 'n lek-kersing-liedjie in te sit; Waldo Del-port, tweede Verwoerdburgvoor-sitter, saggeaard en altyd reg vir 'n geselsie; oom Lambert van Sittert wat sulke mooi truie kon brei, hom-self geleer in die lang dae agter die skaaptrop; Johan Serfontein wat 'n ding so raak kon skryf; oom Wouter en tannie Ans Theron, oom Wouter wat maar gedweë sit terwyl Paul Kruger en Waldo Delport hom en sy rolstoel met toue oor die Oos-Vrystaat se berge en dale sleep en tannie Ans, eerste Kampkrummels-redakteur; Koos Jerling, eerste streeksekretaris; oom Jan Dry, lank streekpenningmeester; oom Giep Botha en oom Frans Bezuidenhoudt, vuur en vlam Verwoerdburgers.



*Oom Moolman Botha, lidnommer 4 en Sawa se eerste nasionale penning-meester, was ook 'n lid van Verwoerdburg-streek.*

Dan was daar Willem Burger, eerste pryswenner Kampkrummels-redakteur, wat sy braaier so met die voet kon "double clutch" en as Frieda nie keer nie vir hele kamp sou braai; oom Willie en tannie Hanne-tjie van der Merwe, altyd eenders geklee, wat so graag gestap het en foto's geneem het; Martin Venter wat in Sawa groot geword het maar jonk van ons weggeneem is, sy ma Rina en Willie Klopper.

***Ons eer hulle nagedagtenis***

***Christo van der Merwe***

# Schalk gesels met mense met wildsplaasromanse

Daar was soveel verskillende kampe die laaste paar weke dat, as mens nie self by die kampe was nie, jy amper nie mense by die huis kry om mee te gesels nie! Dan was daar nog die Wildtuintoer ook! Ewenwel, ek het toe maar weer ‘n bietjie gaan kuier by twee mense en bietjie met hulle oor hul wel en weë gesels, of was dit nou net hulle weë? Gelukkig het ek hulle blyplek darem makliker gekry as met my vorige geselsie, toe ek naderhand om hulp moes roep!

Gedurende ons hele onderhoud het hulle 14-jarige Toy Pom, Tammy, alles gadegeslaan, en so af en toe met ‘n kreun en ‘n blaf instemmend van haar laat hoor, alhoewel sy self niks kan hoor nie. Sy is stokdoof, en al maak sy af en toe plassies, is sy nog heeltemal deel van die gesin!

As die tweede jongste van ses kinders is Petronella Margareta Kok in ‘n huis in die myndorpie Rooiberg, in die Thabazimbi-distrik, gebore waar haar pa geboer het. Toe sy skool toe moes gaan het haar ma haar oor die brose dingetjie ontferm en sy het toe by haar oom op Leeupoort gebly terwyl die ander kinders in die koshuise op Warmbad en Nylstroom moes tuisgaan. In haar hoërskooldae was sy eers in die koshuis op Thabazimbi en in standerds nege en tien in die koshuis op Warmbad. Omdat sy, volgens haar, ‘n pligsgetroue dogter was wat hard geleer het en nie tyd gehad het vir allerhande kwajongstreke en sulke goeters nie, was die skoollewe vir haar maar ‘n baie droë tydperk in haar lewe. Haar oom was op die buurplaas en sy seun het partykeer daar by hulle op die plaas kom kuier wanneer hy kom jag het. Soos die voorsienigheid dit wou hê, het hy partykeer ‘n vriend saamgebring, en toe sy in matriek was, ontmoet sy die outjie mos toe daar! En toe verander haar droë lewe sommer daar en dan.

Maar kom ek vertel nou eers van hom. Hy is ook in ‘n huis gebore, maar in Rietfontein, Pretoria. Hy was later in die Eben Swemmer Laerskool, en op tienjarige ouderdom het sy pa getrek na ‘n kleinhoewe in die Kameeldrift omgewing. Toe moes hy met ‘n bus na Die Poort Laerskool en later FH Odendaal Hoërskool toe ry. Van standerd agt tot matriek was hy in die Pretoria Tegniese Hoërskool op die hoek van Du Toit en Kerkstraat. Hy wou eers ’n argitek word maar het later in ‘n meganiese rigting gegaan as diesel werktuigkundige. Al wat hy van sy skoolloopbaan kan onthou is dat hy daar geleer het om te bid dat dit moes reën, want elke keer as dit hard gereën het, het die spruit afgekom, en dan kon die bus nie by die skool uitkom nie! Op skool het hy geen behae gehad in ‘n swottery nie. Wiskunde was egter heel aangenaam aangesien oplet in die klas vir hom genoeg was om dit enduit te kon neem! So het hy gevorder en saam met sy tegniese opleiding het hy ‘n vyf jaar vakleerlingskap in drie jaar voltooi. Ongeveer in hierdie tydperk het hy toe partykeer saam met sy vriend gaan jag en loop toe die meisie van sy drome op so ‘n jagekspedisie raak, nou nie in die veld nie, maar op die buurplaas.

Hulle het begin uitgaan, dit het van kwaad na erger gegaan, en in 1973 is hulle getroud. Hy het toe vir ‘n jaar lank tekenwerk by Van Opstal Masjiene gedoen en toe het hulle na sy en sy pa se plaas getrek en daar vyf jaar lank met tamaties en groen rissies, laasgenoemde vir die uitvoermark, geboer. In 1976 is hulle tweeling, Johan en Chris, gebore. En raai wat? In 1978 is nog ‘n tweeling gebore, Maretha en Jaco! Hulle het nou sewe kleinkinders, en raai nog ‘n keer! Chris en sy vrou het ook ‘n tweeling! In 1979 het hy by LIW (Krygkor) aangesluit en kwaliteitbeheer gedoen by metrologie. Hier was hy verantwoordelik vir meganiese inspeksie en kalibrasie van meettoerusting. In 1994 het hy ‘n pakket geneem en toe vir elf jaar by die SA Munt gewerk as produksiebestuurder. Hier het hy meer geld gemaak as ooit in sy lewe, maar hy kon geen noemenswaardige “munt daaruit slaan” nie!

Hy en sy seun Chris het ‘n wildsplaas tussen Ellisras en Marken gekoop en dit was vir almal lekker om daar te kuier. Hulle moes egter vir twee jaar hard werk om die plaas skoon te maak en op te bou, totdat die regering dit weer in 2006 by hulle gekoop het.

So het Johan en Petro van der Ende eers saam met haar jonger suster, Christa Bothma, ‘n paar kampe saam met Kiepersol gehad. Omdat Eric (Christa se man) so baie weg is van die huis, het hulle sommer ook in sy woonwa gebly gedurende die kampe. Na die kamp by Drie Berge in Februarie 2013 het hulle by Kiepersol aangesluit. Hul eerste kamp met hul eie woonwa was by Hartbeespoort. Hulle het nou twee kampe en die Wildtuintoer as Kiepersollede agter die blad.

Hulle moes na skool hard werk om iets te bereik, en hulle kinders het, ten spyte van hulle eie swaarkry, goed grootgeword en het nooit ‘n tekort gehad nie. Hulle het gevind dat die Here ‘n doel met alles het, sonder dat ‘n mens dit self besef. Hulle voel nooit hulpeloos nie, want met die hulp van Bo, is hulle eie lewens onder beheer.

Soos Al Siebert in sy boek “The Resiliency Advantage” sê: “People who feel helpless and victimized, and blame others, score high on measures of “external control” beliefs. They do not believe that their personal efforts could make anything better. They believe that solutions to their unhappy condition are under the control of other people and external forces”.

Lesers het oor 30 jaar hul menings gelug in Possak

# Raak geesdriftig oor Presidente

Die artikel "By Presidente of nie, saak het twee kante" ('Krummels Mei-Junie 2013) het betrekking. Ek het baie begrip vir die talle geldige redes waarom lede nie die Presidente-saamtrek kon bywoon nie.

Dit gesê, is daar nou 'n vraag wat my onmiddellik pla. Hoe weet ek of ek van 'n Presidentesaamtrek sal hou of nie indien ek nog nooit self een bygewoon het nie?

Lede wat graag die Presidente bywoon is, soos te verstane, baie geesdriftig want daar is baie aangename en lagwekkende insidente wat hulle in herinnering kan roep. Dis weer 'n ander situasie waarbinne jy met jou Sawa-vriende kuier. "Jy weet nie wat jy mis nie" want jy weet regtig nie en ek wil graag hê jy moet saamkom en 'n heerlike naweek saam met my geniet.

Van die grootste pret wat ons by die Presidente gehad het, was tydens die voorbereidings en die bemanning van stalletjies. Ek onthou nog die basaar-poeding wat ons na kerk verkoop het. Later jare is 'n produksielyn soos 'n wafferse motorfabriek bedryf om Vrydagaand jaffels vir aandete te verkoop. Dan was daar die kerrie-en-rys. Die pot se boom was gewoonlik leeg voordat die kermis verby was. Saterdag was ook die seniors se pannekoekstalletjie. Die Verwoerdburgers en later die Kiepersollers het by die bakkery ingeval en heerlik met die senior burgers gekuier. Ons het nie meer 'n stalletjie nie maar kyk maar net hoe goed vaar die Allerleitafel.

En weet julle wat was amper die lekkerste van die Presidente? Die feit dat die een iets by die ander een moes koop. Vanaand staan almal tou om by Kiepersol jaffels te koop, môre is dieselfde Kiepersollers by die kermis om vetkoek en beskuit en koekies en wat nog te koop. Op dié manier leer jy meer Sawanante as net jou eie streek se lede ken.

Sawa is inderdaad "'n ontspanningsorganisasie … en … die bywoning van kampe, insluitende nasionale kampe, (is) heeltemal vrywillig…" Maar die dag toe ek my laat nomineer het vir die bestuur, het ek my daartoe verbind om Sawa se belange op die hart te dra en dit sluit die Presidente-saamtrek in. Ongelukkig kan 'n bestuurslid nie kies watter deel van Sawa se belange hy van hou nie.

Ek wil die stelling waag dat die feit dat Kiepersol nou ook een van die donasie-streke geword het, grootliks daartoe bygedra het dat die Presidente vir ons streek se bestuur en lede nie veel meer as 'n streeksaamtrek geword het nie. Ons kuier maar so onder ons self rond.


Nee wat Kiepersol! Kom ons raak weer geesdriftig oor Sawa! Kom ons ondersteun Sawa waar ons kan, na alles, is dit nie waaroor ons aanvanklik aangesluit het nie?

(Knuppel in die hoenderhok: Sê nou maar Kiepersol reël 'n mandjiedans by die volgende Presidente! Kan dit werk?)

**Christo van der Merwe**
*(Verkort om in te pas -Red.)*

## Eenheid in verskeidenheid

In alle Sawa-streke is daar jonger en ouer (senior) lede. Die seniors is 'n belangrike komponent van enige streek, tewens dit kan kategories gestel word dat die seniors in baie streke die meerderheid van die lede verteenwoordig. Die meeste seniors het baie jare van ervaring en ook kennis van die kamplewe en die onderskeie woonwaparke wat gereeld besoek word of in die verlede besoek is waarvan sommiges ongelukkig al hul hekke moes sluit. Die belangrikheid wat Sawa aan die senior lede heg kan afgelei word van die seniorkampe wat op nasionale vlak gereël word en wat ook deel vorm van sommige streekkampe. Gewoonlik word daar al van die voorafgaande Woensdag deur die seniors gekamp en dan sluit die werkendes die Vrydagaand by die kampe aan.




Voorts word daar ook gevind dat by baie streekbesture daar oorwegend seniors op die besture dien.

Die ander belangrike groep is die jonger lede. Sawa poog om jonger lede te werf om die ouderdomsprofiel te verbeter. Hierdie is die lede wat nog werk en gewoonlik net naweke kan kamp. Die verhouding tussen die seniors en die jonger lede in ons streek kan as baie goed beskou word selfs al kan ons nie altyd saam kamp nie. Die uitleg van sommige woonwaparke is ook van so 'n aard dat ons vêr uitmekaar staan en nie altyd maklik kan meng nie. 'n Verblydende aspek in ons streek is dat van die jonger lede op die bestuur verkies word om ter gelegenertyd by die ouer bestuurslede oor te neem.

Daar is tog 'n belange-verskil tussen jonger lede en veral pensioentrekkers. Dit is so dat die jongeres, veral dié met kinders, by plekke wil gaan kamp waar daar afleiding en geriewe vir vermaak bestaan. Die meeste seniors verkies weer om met vriende te verkeer in stillerige omgewings. Nou is dit so dat die plekke met vermaak gewoonlik duurder is as wat die pensioenarisse kan bekostig, veral as tolgeld en die duur brandstof in aanmerking geneem word. Dit lei daartoe dat dit vir sommige pensioenarisse, en ook ander lede, net nie moontlik is om meer te gaan kamp nie, of andersins minder in die jaar te gaan kamp.

Om eenheid in die streek te bewaar, moet ons as seniors en die jonger lede 'n goue middeweg vind oor waar ons gaan kamp om soveel lede as moontlik te akkommodeer selfs al sou dit beteken dat die seniors en die jonger lede nie oor dieselfde tydperke en by dieselfde oorde kamp nie. Die hoofsaak moet bly om die lede by die kampe te kry, dus eenheid in verskeidenheid.

**Frank Smith**
*(Verkort om in te pas -Red.)*

# Kiepersol toer in Junie '13 na Krugerwildtuin



*Die konvooi het by Que Sera vertrek en goed gevorder . . .*



*Maar 'n trok versper die pad naby Malelane*




*Ons kom veilig by Berg en Dal aan en skop nes*



*Daar is dikwels 'n vleisie of twee op die kole gegooi*



*Susan Delport, André Baker, Christa Bothma en Hannie Ferreira by Afsaal-piekniekplek*



*Charl, Lucille, Reinhardt, Heinrich Vorster en Elise Ritchie eet by die Afsaal-piekniekplek*



**Olifante by die kampdraad**



**Dewald, Eric en Pieter braai**



**Hennegesprek by Elangeni**




*Die toergroep afgeneem die aand voordat ons van Berg en Dal teruggekeer het. Ons het saam gebraai en die laaste aand geniet*

*Die foto's is geneem deur Braam van der Ende en Johann Lemmer*





*Frieda en Wian kook water toe die trok die pad versper en André by Elangeni*



Seniors





*Frank en Hettie Smith*

# Seniors al lank in streekbestuur verteenwoordig

**Frank Smith**

Daar is reeds vir baie jare verteenwoordiging vir senior burgers in die bestuur. Op versoek van die redakteur dink ek terug aan ons vyf jaar in hierdie hoedanigheid. Dit was ‘n voorreg maar ek meen dat lede nie vir langer as drie jaar in dieselfde amp moet bly nie, so sal meer mense geleentheid kry om in die bestuur te dien.


Toe ons aangesluit het is boekevat vroegaand gehou. Mettertyd het van die kampkommandante dit na Saterdagoggende geskuif aangesien almal dan meer rustig en bewus is van die nuwe dag wat tot hul lewens toegevoeg is. Dit het die verdere voordeel dat dit geleentheid bied vir mense wat graag rugby kyk om dit te doen en dit is dus ‘n wen-wen situasie.

Ek en Hettie het twee toere na die Natalse Drakensberg in 2009 en 2011 gereël en dit was baie suksesvol. In 2010 het Kiepersol betrokke geraak by Solidariteit se Helpende Hand en is twee geleenthede gereël waar klerasie en ander lewensnoodsaaklikhede deur die streek bymekaar gemaak is. Tans word die items nog steeds deur lede by ons afgelaai of ons word versoek om dit te gaan afhaal. Die meeste van die items word na Filadelphia Ark, ‘n (blanke) nederstetting op die plaas van Dirk van Vuuren in Kameeldrif-Wes, geneem. Hy het sy plaas vir die huisvesting en onderhoud van die haweloses beskikbaar gestel. Daar word ook van die items geneem na Janstraat in Eldoraigne wat nog ‘n projek is van Helpende Hand, en ook na Moeggesukkel in Raslouw waar vyf-en-veertig dwelm- en drankverslaafdes behandel word. Tans het hierdie instelling ‘n waglys van honderd-en-tien. Die terrein en geboue is eweneens deur die eienaar beskikbaar gestel vir die opheffing van die inwoners.

Verskeie uitstappies is gereël waarna al die Kiepersollede genooi word, maar meestal is dit die afgetrede seniors wat dit bywoon. Ons het onder andere die volgende plekke besoek: Sammy Marks se huis, Smutshuis, vleisbraai te Rietvleidam, die Voortrekkermonument, die ou Silvertonse leerlooierygebou waar die mure beskilder is met die mooiste tonele van diere en die natuur. Ook die papierfabriek te Rosslyn waar verpakkingskarton uit afval karton vervaardig word is besoek.

Ons hoop om nog baie uitstappies te reël!

jongklomp



# Jongmense is Sawa se toekoms

Ons jongmense het in die 30 jaar van ons streek se bestaan deurlopend ‘n belangrike rol gespeel. Hulle is immers die Sawanante van more.

Tannie Frieda Burger skryf dat daar met die Sawa-toer in 1989 ŉ hele klompie jongmense was wat volstrek nie meer in die woonwa wou slaap nie. Die gevolg was dat daar toe ŉ plakkers-kamp” ontstaan het toe die kinders met regte tente begin kamp het.

Oom Christo van der Merwe onthou ook dat die jongklomp gereeld in hul eie tentjies gekamp het. Vernuftig is die elektrisiteit tot in die tentjies aangelê en dan is liggies, radio’s en bandspelers gekoppel.

Wanneer die hongerpyne knaag, het die kinders en jongmense soos 'n sprinkaanplaag deur die ouers se woonwaens en sytente getrek, met leë koekblikke en vuil koffiebekers as stille getuies. Daar is gekuier en gelag en gesels tot watter tyd in die nag. Vandag is hulle volwassenes wat hul plek in die samelewing vol staan.

Mettertyd het die tentekamp egter uitgedun geraak en die jongklomp het groot geword en is al minder by kampe gesien. Van tyd tot tyd was daar egter nog hier en daar van die oorspronklike groepie ŉ tent of twee maar dan met “aanhangsels”.

Vandag is van die jongmense lankal getroud en ouers van kleuters en van die ouers met kleuters is vandag al self lede.

Riaan Burger, een van hulle, onthou veral die wonderlike Presidentesaamtrekke by Heidelbergkloof. ‘n Hele klomp tieners van oraloor het mekaar jaarliks hier ontmoet. Dan was dit een groot plesier soos hulle in en om die swembad baljaar het.

Dit is so dat daar deesdae nie meer eintlik jongmense by die kampe is nie. Dit is daarom dat vir ons ‘n uitdaging is om van ons mede-jongmense van Sawa te vertel en hulle saam te nooi na die saamtrekke. Dis vir die jongmense om hulle stempel op die organisasie af te druk en voorstelle te maak hoe Sawa meer jongmens-vriendelik kan word. Intussen kamp die jongmense wanneer hul kan, hulle is ook maar besig. (Johann Lemmer)

# Sawa Kalantjies Vier ook Fees

Ons streek is al 30 jaar oud. Dis baie ouer as wat enigeen van ons is!

**My pa en my ma sê as jy 'n** kalantjie 30 jaar gelede was moet jy nou al so tussen 35 en 40 jaar oud wees.

As ek so kyk dan kan dit wees dat mense wat so oud is se kalantjies al amper hul eie kalantjies het wat sal kan saamkamp.

My pa sê dat ons ook by die verjaarsdagpartytjie gaan wees en ek hoop om baie van julle daar te sien.

Ons is trots om ook deel van Kiepersol te wees.

## Sawa-kalantjies geniet Kiepersol



*Saam op die onlangse Wildtuintoer*



*Hou partytjie by Rustenburgkloof*

## Winterjol en gemaskerdes ▼





ALMA
haarsalon

**Skakel om 'n afspraak te maak**
**072 949 6293**
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

**Parkeer onder groot bome**

**Ondersteun ons eie mense**

**ELWIERDA APTEEK**
Elwierda@mweb.co.za
Noodnommer 082 460 0162

**Kom maak kennis en kry:**

- Flinke diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

**Elwierda Apteek**
Koedoestraat 184 Wierdapark

**Telefoon** 012 653 6153 012 653 6172

# VERJAARSDAE 30



***Herdenking van geboortedae oor 30 jaar gevier***

**AUGUSTUS**

03 Guillaume Jordaan
04 Yolande Louw
06 Thea Brits
07 Natasha Baker
07 Wilanda Prinsloo
08 Neil Pretorius
10 Pierre de la Harpe
11 Antoinette Kruger
13 Annatjie Voges
16 Susan Delport
17 Con Arnold
17 Coba Maree
19 Petro Hartzer
21 Magdanell Botha
24 Irma Beneke
25 Thys Botha
29 Eric Bothma

**SEPTEMBER**

02 Jannus van den Berg
04 Eldine Lemmer
05 Paul Kruger
05 Annastien Jordaan
07 Paul Kruger jnr
08 Theodor Beneke
10 Martie vd Merwe
11 Johan Luus
12 Marina van den Berg
12 Hettie Smith
13 Jana van Huyssteen
16 Simoné Zietsman
16 Marco Michau
17 Thys Maree
18 Pat Whelan
19 Johan (Kokkie) Kok
19 Wilhelm van Biljon
19 Fanie Marx jnr
20 Linda de Jager
22 Marthie Maritz
26 Johann Schoeman
28 Marie de Swardt

## Groot bydrae op nasionale vlak

Oor die afgelope dertig jaar het die streek op nasionale vlak 'n groot rol gespeel toe die volgende ampsdraers uit ons geledere gekom het. Drie presidente: Chris Pienaar, Eddie Leach en Christo van der Merwe (hulle was ook nasionale voorsitters en ondervoorsitters). Waldo Delport nasionale sekretaris en penningmeester en Fanie Marx nasionale skakelbeampte. Ook vier nasionale redakteurs naamlik Chris Pienaar, Ans Theron, Christo van der Merwe en Johann Lemmer. Vir 'n tyd lank was vier van die dertien lede van die Nasionale Uitvoerende Bestuur uit ons streek afkomstig. **(Christo van der Merwe)**

**Laat nuus**

## Tannie Anna Rall oorlede

Dis met leedwese dat Kampkrummels verneem het van die dood van tannie Anna Rall. Sy is op 18 Julie in die hospitaal opgeneem waar sy die volgende dag oorlede is. Ons innige simpatie aan oom Gert en die kinders en ander familie.

Tannie Anna was 'n stigterslid van ons streek en sy en oom Gert is al sedert Mei 1974 Sawa-lede.

## Kom saam na botaniese tuin

Moenie skrik vir die koue nie, kom stap jou warm op 30 Julie 2013 vanaf 08:30 in die Pretoriase Nasionale Botaniese Tuin. Daar is keuses van een, twee en vier kilometer, en die koste is R20 per persoon. Ons moet vooraf registreer, laat weet vir Hettie voor 24 Julie 2013 of jy wil saamstap asook die voorgenome distansie. Daar is waterpunte, ligte verversings en vir jou moeite kry jy 'n medalje.

Op 12 September 2013 besoek ons Mapatiza Edelstene te Crowthorne in Midrand. Middagete kan by hul restaurant genuttig word. Meer hieroor later.

## Lief en Leed



Hennie en Hannie Ferreira se jongste, Marelize, het die 17de Julie 21 jaar oud geword

Thys en Celeste Botha het 'n nuwe sleepvoertuig en was daarmee in die Wildtuin met vakansie

Johann en Alet Lemmer verhuis binnekort, na 40 jaar in Wierdapark, na 'n nuwe tuiste in Montana Tuine, Pretoria

Willy Lubbinge se moeder is op 'n geseënde ouderdom van 95 jaar oorlede.

Melvyn en Hester Wessels is tans in die Wes-Kaap met hulle huismobiel

Jerome Henning ondergaan binnekort 'n knievervanging

Johan en Bets Luus, was altwee in die hospitaal. Johan is deur 'n spinnekop gebyt en het 'n operasie ondergaan. Bets het 'n rugoperasie gehad en sy sterk goed aan.

Seef Delport het 'n oogoperasie gehad

## Baie dankie

Langs hierdie weg wil ek en Lenie julle almal hartlik bedank vir die simpatie en meelewe met die heengaan van ons moeder, ouma en oumagrootjie Jantje Lubbinge -Kremer.

Kiepersolgroete van Willy en Lenie Lubbinge.

## Riemlandtoer

**24 Augustus tot 1 September**

Voorlopige toerprogram sluit in Frankfort, Sterkfonteindam, Golden Gate, Clarens, Fouriesburg, Meiringskloof.

Navrae: Nico Spaumer by nicosp@vodamail.co.za
Telefoonnommer: 084 569 2106

CAMPWORLD

# Loftus Caravan City

## SUID-AFRIKA SE GROOTSTE VERKOPER HET DIT ALLES!






***Volle reeks nuwe Sprite, Gypsey, Jurgens en Safari veelterreinwoonwaens. *Baie gehalte-gekeurde gebruikte woonwaens. *Campworld-winkel met alle buitelewetoerusting en bykomstighede, asook woonwa-onderdele. *Volle reeks bagasiesleepwaens. *Groot uitstalling van Howling Moon-kamp- en daktente. *Volledige fabrieksgekeurde werkswinkel.**

JURGENS · Gypsey Distinctly different · Sprite LIGHT YEARS AHEAD · SAFARI · HOWLING MOON · VALUE VANS PRE-OWNED CARAVANS

**150 Republiekweg h/v Rabiestraat, Fonteinbleau, Randburg.**
**Tel: (011) 792-1456 Fax: (011)793-2312 E-POS: INFO@LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**
**WEB: WWW.LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**